
LEWENSORIËNTERING

*Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)*

# *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring*




## ***Verdere Onderwys- en Opleidingsfase Graad 10-12***

basic education
Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING
# GRAAD 10-12

# LEWENSORIËNTERING

**Departement van Basiese Onderwys**
Strubenstraat 222
Privaatsak X895
Pretoria 0001
Suid-Afrika
Tel: +27 12 357 3000
Faks: +27 12 323 0601

Pleinstraat 120 Privaatsak X9023
Kaapstad 8000
Suid-Afrika
Tel: +27 21 465 1701
Faks: +27 21 461 8110
Webtuiste: http: //www.education.gov.za

**© 2011 Departement van Basiese Onderwys**

**ISBN: 978-1-4315-0621-7**

Ontwerp en uitleg deur: Ndabase Printing Solution

Gedruk deur: Staatsdrukkery

# VOORWOORD VAN DIE MINISTER



Die nasionale kurrikulum is die hoogtepunt van ons poging oor ’n tydperk van 17 jaar om die apartheidskurrikulum wat ons geërf het, te hervorm. Sedert die aanvang van demokrasie het ons gepoog om die kurrikum op die waardes deur die Grondwet (Wet No. 108 van 1998) geÏnspireer, te skoei. Die Aanhef van die Grondwet verklaar die doelstellings van die Grondwet soos volg:

- Die verdeeldheid van die verlede te heel en ‘n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
- Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te onsluit;
- Die grondslag te lê vir ‘n demokratiese en oop samelewing waarin regering gebaseer is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word; en
- ‘n Verenigde demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as soewereine staat in die samelewing van nasies inneem.

Onderwys en die kurrikulum het ‘n belangrike rol om in die verwesenliking van hierdie doelstellings te vervul.

Uitkomsgebaseerde onderwys, wat in 1997 ingestel is, was ‘n poging om die verdeeldheid van die verlede te heel, maar die ondervinding van implementering het as aansporing vir ‘n kurrikulumvernuwing in 2000 gedien. Dit het tot die eerste kurrikulumvernuwing, naamlik die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002),* gelei.

Deurlopende implementeringsuitdagings het tot ‘n volgende kurrikulumvernuwing in 2009 gelei, naamlik die hersiening van die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002*) wat tot die ontwikkeling van hierdie dokument gelei het.

Sedert 2012 is die twee onderskeie nasionale kurrikulumverklarings, naamlik diè vir Graad R-9 en Graad 10-12 in ‘n enkele dokument, wat voortaan slegs as die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, bekend sal staan, gealmalgameer. Hoewel die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* sy vertrekpunt in die vorige kurrikulum vind, het daar wel vernuwing ingetree wat ten doel het om groter duidelikheid oor dit wat op ‘n kwartaal-tot-kwartaal-grondslag onderrig en geleer moet word, te verskaf.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is ‘n beleidsverklaring met betrekking tot onderrig en leer in Suid-Afrikaanse skole en is in die volgende dokumente vervat:

(a) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir alle vakke in hierdie dokument opgeneem;

(b) *Nasionale beleid met betrekking tot die program-en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en

(c) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*.



**MEV ANGIE MOTSHEKGA, LP**
**MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS**

# INHOUD

**AFDELING 1: INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING ..... 3**

**1.1 Agtergrond ..... 3**

**1.2 Oorsig ..... 3**

**1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum ..... 4**

**1.4 Toekenning van tyd ..... 6**

1.4.1 Grondslagfase ..... 6

1.4.2 Intermediêre Fase ..... 6

1.4.3 Senior Fase ..... 7

1.4.4 Graad 10-12 ..... 7

**AFDELING 2: INLEIDING TOT LEWENSORIËNTERING ..... 8**

**2.1 Wat is Lewensoriëntering? ..... 8**

**2.2 Spesifieke doelstellings ..... 9**

**2.3 Tydstoekenning vir Lewensoriëntering in die kurrikulum ..... 9**

**2.4 Gewigswaarde van onderwerpe ..... 9**

**AFDELING 3: OORSIG VAN ONDERWERPE PER KWARTAAL EN JAARLIKSE ONDERRIGPLANNE ..... 10**

**3.1 Oorsig van onderwerpe ..... 10**

**3.2 Jaarlikse onderrigplan ..... 12**

**AFDELING 4: ASSESSERING IN LEWENSORIËNTERING ..... 30**

**4.1 Inleiding ..... 30**

**4.2 Informele of daaglikse assessering ..... 30**

**4.3 Sertifikaattake ..... 31**

**4.4 Formele assessering ..... 31**

**4.5 Assesseringsprogram ..... 32**

4.5.1 Geskrewe take ..... 32

4.5.2 Projek ..... 34

4.5.3 Eksamens ..... 35

4.5.4 Liggaamsopvoedingtaak (LOT) ..... 36

**4.6 Rekordhouding en rapportering ..... 38**

**4.7 Moderering van assessering** ..... **39**

4.7.1 Skoolmoderering ..... 39

4.7.2 Distriks-/Streeksmoderering ..... 40

4.7.3 Provinsiale moderering ..... 40

4.7.4 Nasionale moderering ..... 41

**4.8 Algemeen** ..... **42**

# AFDELING 1

## INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

### 1.1 Agtergrond

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* bepaal beleid ten opsigte van kurrikulum en assesseringsaangeleenthede in die skoolsektor.

Ten einde die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring te verbeter, is dit aangepas en die aanpassings tree in Januarie 2012 in werking. 'n Enkele samevattende Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring is vir elke vak ontwikkel om die ou Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne in Graad *R-12* te vervang.

### 1.2 Oorsig

(a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* is 'n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en bestaan uit die volgende dokumente:

(i) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir al die goedgekeurde vakke in hierdie dokument opgeneem;

(ii) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en

(iii) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12 (Januarie 2012).*

(b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* vervang die huidige twee Nasionale Kurrikulumverklarings, naamlik:

(i) *Nasionale beleid met betrekking tot Algemene Onderwysprogramme: Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole),* gepromulgeer in *Staatskoerant No. 23406* van 31 Mei 2002; en

(ii) *Nasionale kurrikulumverklaring Graad 10-12 Staatskoerante, No. 25545* van 6 Oktober 2003 en *No. 27594* van 7 Mei 2005.

(c) Die Nasionale Kurrikulumverklarings, soos vervat in *subparagrawe b(i)* en *(ii)*, wat uit die volgende beleidsdokumente bestaan, word jaarliks toenemend deur die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012),* gedurende die periode 2012 - 2014, herroep en vervang:

(i) die Leerarea-/Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R-9 en Graad 10-12;

(ii) die beleidsdokument, *Nasionale beleid ten opsigte van assessering en kwalifikasies vir skole in die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing No. 124,* in *Staatskoerant No. 29626* van 12 Februarie 2007;

(iii) die beleidsdokument, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No.27819* van 20 Julie 2005;

(iv) die beleidsdokument, *'n Addendum tot die beleidsdokument,* die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot leerders met spesiale leerbehoeftes*, gepromulgeer in *Staatskoerant, No. 29466* van 11 Desember 2006, word geïnkorporeer in die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12;* en

(v) die beleidsdokument, *'n Addendum tot die beleidsdokument,* die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot* die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing, No. 1267*, in *Staatskoerant No. 29467* van 11 Desember 2006.

(d) Die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* en die afdelings oor die *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring* soos in Afdeling 2, 3 en 4 van hierdie dokument vervat, beslaan die norme en standaarde van die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12.* Die uitkomste en standaarde wat behoudens *artikel 6(A)* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)* bepaal is, sal die grondslag vorm vir die Minister van Basiese Onderwys om die minimum uitkomste en standaarde, sowel as die prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie wat van toepassing sal wees op openbare en onafhanklike skole, te bepaal.

## 1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum

(a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* vorm die grondslag van wat beskou kan word as die kennis, vaardighede en waardes wat noodsaaklik is om te leer. Dit sal verseker dat leerders kennis en vaardighede verwerf en toepas op maniere wat betekenisvol is vir hulle lewens. Hiervolgens bevorder die kurrikulum die idee van begronde kennis binne plaaslike, bekende kontekste en terselfdertyd toon dit sensitiwiteit ten opsigte van globale vereistes.

(b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* het die volgende doelwitte:

- om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese of intellektuele vermoë, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvervulling en betekenisvolle deelname in die samelewing as burgers van 'n vrye land;
- om toegang tot hoër onderwys te verskaf;
- om die oorgang van leerders vanaf onderwysinstellings na die werkplek te fasiliteer; en
- om aan werkgewers 'n voldoende profiel van 'n leerder se vermoëns te verskaf.

(c) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is op die volgende beginsels gebaseer:

- *Sosiale transformasie*: Dit verseker dat onderwysongelykhede van die verlede aangepak word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking voorsien word;
- *Aktiewe en kritiese leer*: Dit moedig 'n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan eerder as om te leer sonder om te begryp, en niekritiese leer van gegewe waarhede;
- *Hoë kennis en hoë vaardighede*: Dit is die minimum standaarde vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word, word gespesifiseer en stel hoë, bereikbare standaarde in alle vakke;

*Progressie*: Die inhoud en konteks van elke graad toon progressie van die eenvoudige tot die komplekse

- *Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid*: Die infasering van die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12* is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore;
- *Waardering vir inheemse kennissisteme*: Om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy; en
- *Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid*: Dit voorsien onderwys wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte.

(d) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring* Graad R-12 stel in die vooruitsig dat leerders die volgende kan doen:

- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
- werk doeltreffend saam met ander as lede van ‘n span, groep, organisasie en gemeenskap;
- organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
- versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
- kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en / of taalvaardighede in verskillende vorme;
- gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
- begryp die wêreld is ‘n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

(e) Inklusiwiteit behoort ‘n belangrike deel van organisering, beplanning en onderrig by elke skool te vorm. Dit kan alleenlik gebeur indien alle onderwysers deeglik begryp hoe om leerstruikelblokke te herken en aan te pak, asook hoe om vir diversiteit te beplan.

Die sleutel tot die goeie bestuur van inklusiwiteit is die versekering dat struikelblokke geïdentifiseer en aangespreek word deur al die ondersteuningsisteme binne die skoolgemeenskap, insluitend onderwysers, distriksondersteuningspanne, institusionele ondersteuningspanne, ouers en spesiale skole wat kan dien as hulpbronsentrums. Om die leerhindernisse in die klaskamer aan te spreek, behoort onderwysers verskeie kurrikulêre strategieë vir differensiëring te gebruik soos uiteengesit in die Departement van Basiese Onderwys se *Riglyne vir Inklusiewe Onderrig en Leer (2010).*

## 1.4 Tydstoekenning

### 1.4.1 Grondslagfase

(a) Die onderrigtyd vir vakke in die Grondslagfase is soos in onderstaande tabel aangedui:

| VAK | GRAAD (UUR) | GRAAD 1-2 (UUR) | GRAAD 3 (UUR) |
|---|---|---|---|
| Huistaal | 10 | 8/7 | 8/7 |
| Eerste Addisionele Taal | | 2/3 | 3/4 |
| Wiskunde | 7 | 7 | 7 |
| Lewensvaardighede<br>• Aanvangskennis<br>• Skeppende Kunste<br>• Liggaamlike Opvoeding<br>• Persoonlike en Sosiale Welsyn | 6<br>(1)<br>(2)<br>(2)<br>(1) | 6<br>(1)<br>(2)<br>(2)<br>(1) | 7<br>(2)<br>(2)<br>(2)<br>(1) |
| **TOTAAL** | **23** | **23** | **25** |

(b) Onderrigtyd vir Graad R, 1 en 2 is 23 uur en Graad 3 is 25 uur.

(c) Onderrigtyd vir Tale in Graad R-2 is 10 uur en vir Graad 3 is 11 uur. ‘n Maksimum tyd van 8 uur en ‘n minimum tyd van 7 uur word aan Huistaal toegeken. Vir Addisionele Taal word ‘n minimum tyd van 2 uur en ‘n maksimum tyd van 3 uur vir Graad 1-2 toegeken. In Graad 3 word ‘n maksimum van 8 uur en ‘n minimum van 7 uur vir Huistaal toegeken. ‘n Minimum van 3 uur en ‘n maksimum van 4 uur word in Graad 3 vir Addisionele Taal toegelaat.

(d) In Lewensvaardighede is die onderrigtyd vir Aanvangskennis in Graad R-2 net 1 uur en in Graad 3 is dit 2 uur. (Die aantal ure word in die tabel tussen hakies aangetoon.)

### 1.4.2 Intermediêre Fase

(a) Die onderstaande tabel dui die vakke en onderrigtyd in die Intermediêre Fase aan:

| VAK | UUR |
|---|---|
| Huistaal | 6 |
| Eerste Addisionele Taal | 5 |
| Wiskunde | 6 |
| Natuurwetenskappe en Tegnologie | 3,5 |
| Sosiale Wetenskappe | 3 |
| Lewensvaardighede<br>• Skeppende Kunste<br>• Liggaamlike Opvoeding<br>• Persoonlike en Sosiale Welsyn | 4<br>(1,5)<br>(1)<br>(1,5) |
| **TOTAAL** | **27,5** |

### 1.4.3 Senior Fase

(a) Die onderrigtyd in die Senior Fase is soos volg:

| VAK | UUR |
|---|---|
| Huistaal | 5 |
| Eerste Addisionele Taal | 4 |
| Wiskunde | 4,5 |
| Natuurwetenskappe | 3 |
| Sosiale Wetenskappe | 3 |
| Tegnologie | 2 |
| Ekonomiese Bestuurswetenskappe | 2 |
| Lewensoriëntering | 2 |
| Skeppende Kunste | 2 |
| **TOTAAL** | **27,5** |

### 1.4.4 Graad 10-12

(a) Die onderrigtyd in Graad 10-12 is soos volg:

| VAK | TYDSTOEKENNING PER WEEK (UUR) |
|---|---|
| Huistaal | 4,5 |
| Eerste Addisionele Taal | 4,5 |
| Wiskunde | 4,5 |
| Lewensoriëntering | 2 |
| Enige drie keusevakke uit **Groep B (Bylaag B Tabel B1-B8)** van die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12,* onderhewig aan die voorbehoudsbepalings soos uiteengesit in **paragraaf 28** van die genoemde beleidsdokument. | 12 (3 x 4 uur) |
| **TOTAAL** | **27,5** |

Die toegekende 27,5 uur per week mag slegs gebruik word vir die minimum vereistes vir vakke genoem in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* soos hierbo gespesifiseer, en mag dus nie gebruik word vir addisionele vakke gevoeg by die lys van minimum vakke nie. Indien 'n leerder addisionele vakke wil aanbied, moet voorsiening vir bykomende tyd vir die aanbieding van hierdie vakke gemaak word.

# AFDELING 2: INLEIDING TOT LEWENSORIËNTERING

## 2.1 Wat is Lewensoriëntering?

Lewensoriëntering is die studie van die self in verhouding tot andere en tot die samelewing. Hierde vak behandel die vaardighede, kennis en waardes oor die self, die omgewing, verantwoordelike burgerskap, 'n gesonde en produktiewe lewe, sosiale betrokkenheid, ontspannings- en fisiese aktiwiteite, loopbane en loopbaankeuses. Dit sluit geleenthede in om betrokke te raak by die ontwikkeling en praktyke van 'n verskeidenheid lewensvaardighede om probleme op te los, om ingeligte besluite en keuses te maak en om gepaste aksies te neem om betekenisvol en suksesvol in 'n snelveranderende samelewing te leef. Dit fokus nie net op kennis nie, maar dit beklemtoon ook die belangrikheid van die toepassing van vaardighede en waardes in werklike lewensituasies, deelname aan 'n fisiese in aktiwiteit, en -inisiatiewe.

Lewensoriëntering is een van die vier **fundamentele** vakke wat vir die Nasionale Senior Sertifikaat, vereis word. Dit beteken dat dit **verpligtend** is vir alle leerders in graad 10, 11 en 12. Dit is 'n unieke vak wat 'n holistiese benadering toepas ten opsigte van die persoonlike, maatskaplike, intellektuele, emosionele, geestelike, motoriese en fisiese groei en ontwikkeling van die leerders. Dit moedig die ontwikkeling van 'n gebalanseerde en selfversekerde leerder aan wat 'n bydrae kan maak tot 'n regverdige en demokratiese samelewing, 'n produktiewe ekonomie en verbeterde lewensgehalte vir almal.

Die vak bestaan uit die volgende ses onderwerpe in graad 10 tot 12:

1) Selfontwikkeling in die samelewing

2) Sosiale en omgewingsverantwoordelikheid

3) Demokrasie en menseregte

4) Loopbaan en loopbaankeuses

5) Studievaardighede

6) Liggaamsopvoeding

Die kwessies wat in elke onderwerp behandel word is verwant aan die kwessies wat in die ander vyf onderwerpe van die vak behandel word. Die ses onderwerpe in Lewensoriëntering funksioneer onafhanklik en word as ewe belangrik geag as gevolg van die interafhanklike en holistiese aard van die vak. Die tyd wat aan elke onderwerp spandeer word mag varieer en behoort nie as maatstaf gebruik te word om die belangrikheid van die onderwerp te bepaal nie. Die onderwerpe in Lewensoriëntering in graad 10, 11 en 12 is verwant aan die onderwerpe wat vanaf Graad R tot 9 behandel word. Beide Lewensoriënteringkurrikulums fokus op soortgelyke areas van vaardighede, kennis en waardes. Die inhoud wat in die laer grade onderrig word dien as grondslag vir die inhoud wat in die hoër grade onderrig word.

### 2.2 Spesifieke doelstellings

Lewensoriëntering het dit ten doel om:

1) leerders te lei en voor te berei om gepas te reageer op die lewe se verantwoordelikhede en geleenthede;

2) leerders toe te rus om optimaal op ‘n persoonlike, sielkundige, kognitiewe, motoriese, fisiese, morele, geestelike, kulturele en sosio-ekonomiese vlak met mekaar saam te werk;

3) leerders te lei om ingeligte en verantwoordelike besluite te neem oor hul eie en ander se gesondheid en welsyn;

4) leerders bloot te stel aan hul grondwetlike regte en verantwoordelikhede, die regte van ander en kwessies van diversiteit;

5) leerders met kennis, vaardighede en waardes toe te rus sodat hulle ingeligte besluite kan neem oor vakkeuses, loopbane, addisionele- en hoër opleidingsgeleenthede en die wêreld van werk;

6) leerders bloot te stel aan verskeie studiemetodes en die vaardighede met betrekking tot assesseringsprosesse; en

7) leerders bloot te stel aan die begrip van die waarde van gereelde deelname aan ‘n fisiese aktiwiteit.

### 2.3 Tydstoekenning vir Lewensoriëntering in die kurrikulum

Die tydstoekenning vir Lewensoriëntering in die Nasionale Kurrikulumverklaring is twee ure per week. Dit beteken dat daar 66 ure beskikbaar is vir die onderrig van Lewensoriëntering in graad 10 en 11, en 56 ure in graad 12. Die inhoud word in Afdeling 3 van hierdie dokument uiteengesit en word oor 40 weke (80 ure) van die skooljaar versprei om seker te maak dat die kurrikulum en eksamens gedek word. ‘n Vaste periode moet aan liggaamsopvoeding per week gewy word en hierdie periode sal bekendstaan as Liggaamsopvoeding op die skoolrooster.

### 2.4 Gewigswaarde van onderwerpe

| | **Onderwerp** | **Graad 10** | **Graad 11** | **Graad 12** |
|---|---|---|---|---|
| | | **Uur** | **Uur** | **Uur** |
| 1. | Selfontwikkeling in die samelewing | 8 | 11 | 9 |
| 2. | Sosiale en omgewingsverantwoordelikheid | 4 | 3 | 3 |
| 3. | Demokrasie en menseregte | 7 | 7 | 4 |
| 4. | Loopbane en loopbaankeuses | 11 | 8 | 8 |
| 5. | Studievaardighede | 3 | 4 | 4 |
| 6. | Liggaamsopvoeding | 33 | 33 | 28 |
| | **Kontaktyd** | **66** | **66** | **56** |
| | **Eksamens** | 14 | 14 | 24 |
| | **Totale ure** | **80** | **80** | **80** |
| | **Totale weke** | **40** | **40** | **40** |

# AFDELING 3

## OORSIG VAN ONDERWERPE PER KWARTAAL EN JAARLIKSE ONDERRIGPLANNE

### 3.1 Oorsig van onderwerpe

| | Onderwerp | Graad 10 | Graad 11 | Graad 12 |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Self-ontwikkeling in die samelewing | • Selfbewussyn, selfbeeld en selfontwikkeling<br>• Mag, magsverhoudinge en geslagsrolle<br>• Waarde van deelname aan oefenprogramme<br>• Lewensrolle: aard en verantwoordelikhede<br>• Veranderinge met betrekking tot volwassenheid<br>• Besluitneming aangaande seksualitieit<br>• Ontspanning en emosionele gesondheid | • Beplanning en bereiking van lewensdoelwitte: probleemoplossings-vaardighede<br>• Verhoudinge en die invloed daarvan op persoonlike welsyn<br>• Gesonde keuses ten opsigte van leefwyse: besluitnemingsvaardighede<br>• Die rol van voeding in gesondheid en fisiese aktiwiteite<br>• Geslagsrolle en die effek daarvan op die gesondheid en persoonlike welsyn | • Lewensvaardighede wat nodig is om aan te pas by verandering as deel van deurlopende gesonde leefwysekeuses<br>• Streshantering<br>• Konflikoplossing<br>• Menslike faktore wat gesondheidsrisiko's inhou<br>• Plan van aksie vir lewenslange deelname aan 'n fisiese aktiwiteit |
| 2. | Sosiale en omgewings-verant-woordelikheid | • Eietydse sosiale kwessies wat 'n negatiewe impak op plaaslike en globale samelewing maak<br>• Sosiale vaardighede en verantwoordelikhede vir deelname aan 'n burgerlike lewe | • Omgewingskwessies wat gesondheidsrisiko's inhou<br>• Klimaatsverandering<br>• Deelname in 'n samelewingsdiens wat 'n omgewingskwessie aanspreek | • Omgewings en dienste wat veiligheid en 'n gesonde leefwyse bevorder<br>• Verantwoordelikhede op verskillende regeringsvlakke<br>• 'n Persoonlike missiestelling vir die lewe |
| 3. | Demokrasie en menseregte | • Diversiteit, diskriminasie, menseregte en -skendings<br>• Nasionale en internasionale instrumente en konvensies<br>• Etiese tradisies en/of religieuse wette en inheemse religiesisteme van religieë wat deur die meerderheid aangehang word<br>• Vooroordele en onregverdige sportpraktyke | • Demokratiese deelname en demokratiese strukture<br>• Die rol van sport in nasiebou<br>• Bydraes van Suid-Afrika se diverse religieë en religiesisteme tot 'n harmonieuse samelewing | • Verantwoordelike burgerskap<br>• Die rol van die media in 'n demokratiese samelewing<br>• Ideologieë, religieë en wêreldsienings met betrekking tot ontspanning en fisiese aktiwiteit oor kulture en geslagte heen |

| | Onderwerp | Graad 10 | Graad 11 | Graad 12 |
|---|---|---|---|---|
| 4. | Loopbane en loopbaan-keuses | • Vakke, loopbaanrigtings en studiekeuses: besluitnemingsvaardighede<br>• Sosio-ekonomiese faktore<br>• Diversiteit van betrekkings<br>• Geleenthede in loopbaanrigtings<br>• Tendense en aanvraag in die loopbaanrigtings<br>• Die noodsaaklikheid van lewenslange leer | • Vereistes vir toelating tot hoëronderwysinstellings<br>• Opsies met betrekking tot finansiële bystand vir verdere studies<br>• Bevoegdhede, vermoëns en etiek wat benodig word vir ‘n loopbaan<br>• Persoonlike verwagtinge in verhouding beroeps- of loopbaanbelangstelling<br>• Selfkennis in verhouding tot die aanvraag van die beroepsmark en sosio-ekonomiese toestande | • Verbintenis tot ‘n besluit wat geneem is: vind gepaste betrekking of studiegeleenthede in verskeie bronne<br>• Rede vir en die impak van werkloosheid en innoverende oplossings om werkloosheid teen te werk<br>• Kernelemente van ‘n werkskontrak<br>• Verfyning van die portefeulje vir planne vir die lewe na skool |
| 5. | Studievaardig-hede | • Studievaardighede en studiemetodes<br>• Assesseringsproses: intern en ekstern<br>• Jaarlikse studieplan | • Studiestyle en studiestrategieë<br>• Eksamenskryfvaardighede<br>• Tydsbestuur en ‘n jaarlikse studieplan<br>• Doelwitstellingsvaardighede | • Nabetragting van eie studie- en eksamenskryfvaardighede<br>• Strategieë om sukses te verseker in Graad 12 |
| 6. | Liggaams-opvoeding | • Fisiese fiksheidsprogramme om persoonlike welsyn te bevorder<br>• Vaardighede in speelgrond- en/of samelewing- en/of inheemse speletjies<br>• Omgewings-verantwoordelike buite-ontspanningsgroeps- of individuele aktiwiteite<br>• Vaardighede in tradisionele en/of uitheemse sport<br>• Veiligheidskwessies | • Verbetering in die huidige persoonlike fiksheidsvlak en gesondheid<br>• Skeidsregter- en leierskapvaardighede in selfontwerpte en aangepaste speletjies (portuuronderrig)<br>• Verskeie leierskaprolle in selfontwerpte ontspannings-groepsaktiwiteit<br>• Skeidsregter- en leierskapsvaardighede in selfontwerpte- en aangepaste sport (portuuronderrig)<br>• Veiligheidskwessies | • Bereiking van eie persoonlike fiksheids- en gesondheidsdoelwitte<br>• Langtermynverbintenis aan tradisionele en/of uitheemse speletjies of speelgrond- en/of samelewing en/of inheemse speletjies vir ontstpanning en rekreasie<br>• Veiligheidskwessies |

### 3.2 Jaarlikse onderrigplan

| ONDERWERP | KWARTAAL 1 | GRAAD 10 |
|---|---|---|
| **WEEK 1 - 3** | | **Aanbevole hulpbronne** |
| **Selfontwikkeling in die samelewing** | 3 uur | Handboek |
| • Strategieë om selfbewussyn, selfvertroue en selfontwikkeling te verhoog: faktore wat selfbewussyn en selfvertroue beïnvloed sluit media in<br>- Strategieë om selfvertoue in die self en andere te bou: kommunikasie, suksesvolle taak- of projekvoltooiing, deelname aan samelewingslewe, goeie besluitneming en erkenning van ander<br>- Erkenning en respek vir die uniekheid van die self en ander, en respekteer verskille (ras, geslag en vermoëns)<br>• Definisie van begrippe: mag, magsverhoudinge, manlikheid, vroulikheid en geslag<br>- Verskille tussen ‘n man en ‘n vrou: voortplanting en die rolle in die samelewing, steroetipiese sienings van geslagsrolle en verantwoordelikhede, geslagsverskille in deelname aan fisiese aktiwiteite<br>- Invloed van geslagsongelykheid op verhoudinge en algemene welsyn: seksuele mishandeling, tienerswangerskap, geweld, seksueel-oordraagbare siektes insluitend MIV en VIGS<br>• Waarde van deelname aan oefenprogramme wat fiksheid bevorder: kardiovaskulêre fiksheid, spierkrag, uithouvermoë en buigsaamheid<br>- Verwantskap tussen fisiese- en geestesgesondheid | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne ten opsigte van fisiese fiksheid |
| • Deelname aan aktiwiteite wat fisiese fiksheid bevorder<br>• Veiligheidskwessies met betrekking tot deelname aan fiksheidsoefeninge | | |
| **WEEK 4 - 6** | | |
| Loopbane en loopbaankeuses | 3 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot loopbaanvoorligting |
| • Selfkennis in verhouding tot eie vakke, loopbaanrigtings en studiekeuses: belangstellings, vermoëns, talente en sterkpunte<br>- Verskil tussen loopbaanveld, ambag, loopbaan en betrekking<br>- Vereistes van die Nasionale Kurrikulum Verklaring (NKV) : verskeie vakke en loopbaanopsies, stappe in die maak van keuses en besluitnemingsproses<br>- Kennis van lewensgebiede: bestaan (fisies, sielkundig en geestelik), wording (prakties, ontspanning en groei) en samelewing (sosiaal, fisies en samelewing)<br>• Sosio-ekonomiese faktore as oorweging vir loopbaan- en studiekeuses: behoeftes in die samelewing, beskikbaarheid van fondse, bekostigbaarheid, stereotipering en die impak van belasting op die salarispakket | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot fisiese fiksheid |
| • Deelname aan aktiwiteite wat fisiese fiksheid bevorder<br>• Veiligheidskwessies met betrekking tot deelname aan fiksheidsoefeninge | | |

| WEEK 7- 10 | | |
|---|---|---|
| **Demokrasie en menseregte** | 4 uur | Handboek, koerantberigte, Handves van Menseregte, Suid-Afrikaanse Grondwet |
| • Begrippe: diversitiet, diskriminasie en menseregteskendings<br>- Begrippe: ras, religie, kultuur, taal, geslag, ouderdom, platteland/stedelik, xenofobie, mensehandel en MIV en VIGS-status<br>• Handves van Menseregte, internasionale konvensies en instrumente: Konvensie oor die Regte van die Kind, die Afrika Handves van die Regte en Welsyn van Kinders, Komitee vir die Eliminering van Diskriminasie Teen Vroue *(CEDAW)* en ander wetsontwerpe, handveste en beskermingsagentskappe, reëls, gedragskodes en wette<br>- Tipes diskriminerende gedrag en skendings: gevalle van diskriminerende gedrag en menseregteskendings in Suid-Afrika en die wêreld<br>- Die aard en oorsprong van partydigheid, vooroordeel en diskriminasie; die impak van diskriminasie, onderdrukking, partydigheid, vooroordeel en menseregteskendings op individue en die samelewing.<br>- Uitdagende vooroordeel en diskriminasie: betekenisvolle bydraes deur individue en organisasies om menseregteskendings aan te spreek<br>- Eietydse gebeure wat die aard van transformasie in Suid-Afrika ten toon stel: Suid-Afrikaanse inisiatiewe en veldtogte, eie posisie, aksie en bydrae tot besprekings, projekte, veldtogte en gebeure wat diskriminasie en menseregteskendings aanspreek, nasiebou en beskermingsagentskappe en hul werk | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 4 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot fisiese fiksheid |
| • Deelname aan aktiwiteite wat fisiese fiksheid bevorder<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings met betrekking tot fiksheidsoefeninge | | |

| | |
|---|---|
| **Formele assessering:**<br>1. Geskrewe taak<br>2. Liggaamsopvoeding Taak (LOT) | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig. |

<table>
<tr><th>ONDERWERP</th><th>KWARTAAL 2</th><th>GRAAD 10</th></tr>
<tr><td colspan="2">WEEK 1 - 3</td><td>Aanbevole hulpbronne</td></tr>
<tr><td>Studievaardighede</td><td>3 uur</td><td>Handboek, koerantberigte, hulpbronne met betrekking tot loopbane en studievaardighede</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Studievaardighede: luister, lees, begrip, konsentrasie, geheue, beplanning en tydsbestuur<br>• Studiemetodes: neem van notas, kopkaarte, selektering van belangrike begrippe en inhoud, werkstuk- en opstelsamestelling en tref van vergelykings<br>• Kritiese-, kreatiewe- en probleemoplossingsvaardighede<br>• Assesseringsproses: intern en ekstern<br>• Jaarlikse studieplan</td></tr>
<tr><td>Liggaamsopvoeding</td><td>3 uur</td><td>Handboek, hulpbronne met betrekking tot ‘n verskeidenheid tipes speletjies</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Deelname aan bewegingsaktiwiteite wat vaardighede op die speelgrond- en/of samelewing- en/of inheemse speletjies bevorder<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in bewegingsaktiwiteite wat vaardighede op die speelgrond- en/of samelewing- en/of inheemse speletjies bevorder<br>• Veiligheidskwessies met betrekking tot deelname aan speelgrond- en/of samelewing- en/of inheemse speletjies</td></tr>
<tr><td colspan="3">WEEK 4 - 7</td></tr>
<tr><td>Sosiale en omgewingsverantwoordelikheid</td><td>4 uur</td><td>Handboek, koerantberigte, hulpbronne met betrekking tot omgewingsverantwoordelikheid</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Eietydse sosiale kwessies wat ‘n negatiewe impak op plaaslike en globale samelewings uitoefen:<br>- Begrippe: sosiale en omgewingsgeregtigheid<br>- Sosiale kwessies: misdaad, armoede, voedselsekerheid, voedselproduksie, geweld, MIV en VIGS, veiligheid, sekuriteit, ongelyke toegang tot basiese hulpbronne, tekort aan basiese dienste (water- en gesondheidsdienste)<br>- Skadelike effekte van hierdie kwessies op persoonlike- en samelewingsgesondheid<br>• Sosiale-, konstruktiewe- en kritiese denkvaardighede wat benodig word om aan die samelewingslewe deel te neem:<br>- Sosiale verantwoordelikhede insluitend die kennis en vaardighede om ingeligte besluite en gepaste aksies te neem<br>- Jeugontwikkeling: jeug en samelewingsorganisasies, samelewingsdienste of projekte en vrywillige betrokkenheid<br>- Doel en bydraes, sterkpunte en moontlike verbeterings<br>- Eie bydraes tot hierdie dienste, projekte en organisasies: ‘n groepsprojek om ‘n eietydse sosiale kwessie aan te spreek wat ‘n negatiewe impak op plaaslike en/of globale samelewing het</td></tr>
<tr><td>Liggaamsopvoeding</td><td>4 uur</td><td>Handboek, hulpbronne met betrekking tot ‘n verskeidenheid tipes speletjies</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Deelname aan bewegingsaktiwiteite wat vaardighede op die speelgrond- en/of samelewing- en/of inheemse speletjies bevorder<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in bewegingsaktiwiteite wat vaardighede op die speelgrond- en/of samelewing- en/of inheemse speletjies bevorder</td></tr>
<tr><td colspan="3">WEEK 8 - 10</td></tr>
<tr><td colspan="3">EKSAMENS</td></tr>
</table>

| | |
|---|---|
| **Formele assessering:**<br>1. Halfjaareksamens<br>2. LOT | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 3 | GRAAD 10 |
|---|---|---|
| **WEEK 1 - 5** | | **Aanbevole hulpbronne** |
| **Selfontwikkeling in die samelewing** | 5 uur | Handboek |
| • Lewensrolle: kind, student, volwassene, rol in die gesin, maat, moeder, vader, grootouer, broodwinner, werknemer, werkgewer, leier en volgeling<br>- Veranderende aard en verantwoordelikhede wat met elke rol saamhang; hoe rolle verander en verhoudinge beïnvloed<br>- Die effektiewe bekleding van elke rol: die invloed van die samelewing en kultuur<br>• Gepaardgaande veranderinge ten opsigte van die ontwikkeling na volwassenheid: puberteit tot volwasenheid<br>- Fisiese veranderinge: hormonaal, verhoogde groeitempo, liggaamlike verhoudinge, sekondêre geslagseienskappe, primêre veranderinge in die liggaam (menstruasie, ovulasie en saadvorming) en velprobleme<br>- Emosionele veranderinge: volwasse-wordende persoonlikheid, diepte en beheer van emosies, gevoelens van onveiligheid, veranderende behoeftes, belangstellings, gevoelens, religie, waardes en seksuele belangstelling<br>- Sosiale veranderinge: verhouding met gesin, interaksie met sosiale groepe, behoefte aan groepsaanvaarding en afhanklikheid van portuurgroep, beweging na beroepsmark en verhoogde verantwoordelikhede<br>• Hantering van verandering: belangrikheid van kommunikasie en om vriende te maak<br>• Waardes en strategieë om verantwoordelike besluite te neem aangaande seksualiteit en leefwysekeuses om persoonlike potensiaal optimaal te verwesenlik<br>- Gedrag wat tot seksuele omgang en tienerswangerskap kan lei, seksuele mishandeling en verkragting<br>- Waardes soos selfrespek en respek vir ander, onthouding, selfbeheer, reg tot privaatheid, die reg om jouself te beskerm, die reg om ‘nee’ te sê en verantwoordelikheid vir eie aksies te neem<br>- Vaardighede soos selfbewussyn, kritiese denke, besluitneming, probleemoplossing, selfgelding, onderhandeling, kommunikasie, weiering, doelstelling en versameling van inligting wat verband hou met seksualiteit en leefwysekeuses<br>- Waar om hulp te vind met betrekking tot seksualiteit en leefwysekeuses<br>• Verwantskap tussen ontspanningsaktiwiteite en emosionele gesondheid | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 5 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot rekreasie en ontspanning |
| • Deelname aan aktiwiteite wat rekreasie en ontspanning bevorder<br>• Deelname aan bewegingskunde in aktiwiteite wat rekreasie en ontspanning bevorder<br>• Veiligheidskwessies met betrekking tot deelname aan rekreasie en ontspanningsaktiwiteite | | |
| **WEEK 6 - 10** | | |
| **Loopbane en loopbaankeuses** | 5 uur | Handboek |
| • Diversiteit in loopbane:<br>- Ekonomiese sektore: primêr (roumateriale), sekondêr (voltooide produkte of goedere), en tersiêr (infrastruktuur en verskaffing van dienste)<br>- Werksomstandighede: werksomgewing en -toestande; binnenshuis en buitenshuis (laboratorium, myn)<br>- Aktiwiteite wat by elke loopbaan van toepassing is: ontwerp, monteer en kweek<br>- Vaardighede en bevoegdhede: versameling van inligting of analise en instruksie<br>- Verskillende fasette van die self en die integrasie daarvan in die wêreld van werk<br>• Geleenthede binne verskillende loopbaanrigtings insluitend loopbane in die vermaaklikheidswêreld, fiksheid en sportindustrieë:<br>- Navorsingsvaardighede, salarispakette, bevordering en verdere studiegeleenthede<br>- Effektiewe tydsgebruik, gebruik van talente in betrekkinge en loopbaangeleenthede, werksbevrediging en die gebruik van vaardighede in ander verwante industrieë | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 5 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot rekreasie en ontspanning |
| • Deelname aan aktiwiteite wat rekreasie en ontspanning bevorder<br>• Deelname aan bewegingskunde wat rekreasie en ontspanning bevorder | | |

| | |
|---|---|
| **Formele assessering:**<br>1. Projek<br>2. LOT | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word wysig. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 4 | GRAAD 10 |
|---|---|---|
| **WEEK 1 - 3** | | **Aanbevole hulpbronne** |
| **Loopbane en loopbaankeuses** | 3 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot loopbane |
| • Bewustheid van tendense en aanvraag in die beroepsmark: opkomende aanvraag of veranderende patrone van loopbane en skaars vaardighede in die beroepsmark<br>- Lees die loopbaanmark vir tendense aangaande loopbane en identifiseer neigings<br>- Groei en afname in verskeie ambagte en loopbaanrigtings, en bevoegdhede wat met hierdie velde saamhang<br>- Suid-Afrikaanse Kwalikfikasies Organisasie (SAQA), die Nasionale Kwalifikasies Raamwerk (NKF) en die erkenning van vorige leer<br>• Die noodsaaklikheid van lewenslange leer: die vermoë om te verander, heropleiding, buigsaamheid en deurlopende selfontwikkeling<br>- Verskillende soorte leer: formeel, informeel en nie-formeel | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot tradisionele- en uitheemse sport |
| • Deelname aan aktiwiteite wat vaardighede in tradisionele en uitheemse sport bevorder<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in tradisionele en uitheemse sport<br>• Veiligheidskwessies met betrekking tot die deelname aan tradisionele en uitheemse sport | | |
| **WEEK 4 - 6** | | |
| **Demokrasie en menseregte** | 3 uur | Handboek, koerantberigte, hulpbronne met betrekking tot verskillende religieë en religiesisteme |
| • Lewe in 'n multi-religieuse samelewing: begrip vir etiese tradisies en/of religieuse wette van meerderheidsreligieë in Suid-Afrika<br>- Meerderheidsreligieë: Judaïsme, Christendom, Islam, Hinduïsme, Boeddhisme, Afrika-religie<br>- Inheemse religiesisteme in Suid-Afrika: oorsprong en praktyke<br>• Sportdekking: ander maniere om vooroordele aan te spreek:<br>- Geslag, ras, stereotipering en sportkodes<br>- Onregverdige praktyke: dwelmgebruik, wedstrydknoeiery, partydige skeidsregters en wanadministrasie in sport<br>- Analiseringsproses en kritiese evaluasie | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot tradisionele- en uitheemse sport |
| • Deelname aan aktiwiteite wat verskeie tradisionele en/of uitheemse sportsoorte bevorder<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in tradisionele en/of uitheemse sportsoorte | | |
| **WEEK 7 - 10** | | |
| **EKSAMENS** | | |

| | |
|---|---|
| Formele assessering:<br>1. Jaareindeksamen<br>2. LOT | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 1 | GRAAD 11 |
|---|---|---|
| **WEEK 1 - 3** | | **Aanbevole hulpbronne** |
| **Selfontwikkeling in die samelewing** | 3 uur | Handboek |
| • Beplanning en bereiking van lewensdoelwitte: toepassing van verskeie lewensvaardighede as bewys van 'n vermoë<br>- Tipes doelwitte: kort-, medium- en langtermyn; stappe in die beplanning en doelwitstelling, probleemoplossingsvaardighede, volharding en deursettingsvermoë<br>- Belangrike lewensdoelwitte en prioriteite: familie/gesin, huwelik, ouerskap, loopbaankeuses en verhoudinge<br>- Verband tussen persoonlike waardes, keuses en doelwitstelling<br>• Verhoudinge en die invloed daarvan op eie welsyn: verskillende soorte verhoudinge met verskillende mense/groepe en hul veranderende aard<br>- Verhoudinge wat bydra tot of skadelik is vir eie welsyn: regte en verantwoordelikhede in verhoudinge, sosiale en kulturele standpunte wat verhoudinge beïnvloed, eienskappe waarna gesoek word in verskillende verhoudinge en individualiteit in verhoudinge<br>- Die impak van die media op die waardes en religieë met betrekking tot verhoudinge | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot verskeidenheid fiksheidsaktiwiteite |
| • Deelname aan programme wat die huidige persoonlike vlak van fisiese fiksheid en gesondheid bevorder<br>• Veiligheidskwessies met betrekking tot deelname aan fiksheidsoefeninge | | |
| **WEEK 4 - 6** | | |
| **Loopbane en loopbaankeuses** | 3 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot loopbane |
| • Vereistes vir die toelating tot addisionele en hoëropleidingskursusse: Nasionale Senior Sertifikaatvereistes vir sertifikaat-, diploma- en graadstudies<br>- Evaluering van addisionele- en hoëronderwysopsies: Toelatingspunte vir instansies van hoëronderwys en toelatingsvereistes vir spesifieke programme/kursusse<br>• Opsies vir finansiële bystand: beurse, studielenings, studiebeurse, leerlingskap en die Sektorale onderwys-en-opleidingsowerhede (SOOO)<br>- Verpligtinge ten opsigte van finansiële ooreenkomste | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot fiksheidsprogramme |
| • Deelname aan programme wat die huidige persoonlike vlak van fisiese fiksheid en gesondheid bevorder<br>• Deelname en uitvoering van beweings in programme wat die huidige persoonlike vlak van fiksheid en gesondheid verbeter | | |

| WEEK 7 - 10 | | |
|---|---|---|
| **Demokrasie en menseregte** | 4 uur | Handboek |
| • Beginsels, prosesse en prosedures vir demokratiese deelname: openbare deelname en petisieprosesse, regeringsbestuur, die wetsproses, die oppergesag van die reg, deursigtigheid, verteenwoordiging en verantwoordbaarheid<br>• Demokratiese strukture: nasionale, provinsiale, plaaslike regerings- en samelewingstukture, tradisionele gesagte en politieke partye, belangegroepe, sake, openbare deelname en petisieprosesse<br>- Plaaslike samelewingstrukture: nie-regerings-, samelewings- en religiesgebaseerde organisasies en verteenwoordigde leerlingraad<br>- Beginsels en funksies van strukture by die aanspreek van die samelewingsbelange en hoe die strukture verander: grondwet, verkiesings, verteenwoordiging in die grondwet, volmagte, stemwerwery, verdediging en die verloop van vergaderings<br>- Prosesse waaraan die algemene samelewing kan deelneem aan die strukture asook aan die regering en wetsontwerpproses van die land<br>• Die rol van sport in nasiebou: deelnemer- en toeskouergedrag in sport<br>- Voorkoms van spesifieke gedrag en die snellers van sekere gedrag<br>- Blootstelling aan positiewe gedragsprogramme<br>- Die impak van gedrag op deelnemers, toeskouers, spanne, opposisie, samelewing en algemene landsburgers<br>- Hoe sport 'n nasie kan opbou of afbreek | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 4 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot fiksheidsprogramme |
| • Deelname aan programme wat die huidige persoonlike vlak van fisiese fiksheid en gesondheid verbeter<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in programme wat die huidige persoonlike vlak van fiksheid en gesondheid verbeter | | |

| | |
|---|---|
| Formele assessering:<br>1. Geskrewe taak<br>2. LOT | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig. |

<table>
<tr><th>ONDERWERP</th><th>KWARTAAL 2</th><th>GRAAD 11</th></tr>
<tr><th colspan="2">WEEK 1 - 4</th><th>Aanbevole hulpbronne</th></tr>
<tr><td>Studievaardighede</td><td>4 uur</td><td>Handboek, hulpbronne met betrekking tot studiestyle en -strategieë</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Toepassing van eie studievaardighede, -style en -strategieë:<br>- Studievaardighede: ondersoek hoe leer plaasvind en oorweeg effektiwiteit<br>- Voorkeur van studiestyle vir die manier waarop take benader word<br>- Studiestrategie as ‘n manier waarop ‘n spesifieke taak benader word in die lig van vooropgestelde vereistes<br>• Eksamenskryfvaardighede en die assesseringsproses<br>• Tydsbestuurvaardighede en jaarlikse studieplan<br>• Doelwitstellingsvaardighede: persoonlike ontwikkelingsdoelwitte met betrekking tot studie, gesondheid en fiksheid</td></tr>
<tr><td>Liggaamsopvoeding</td><td>4 uur</td><td>Handboek, hulpbronne met betrekking tot samelewing-/speelgrond-/inheemse speletjies</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Deelname aan programme wat eie skeidsregter-, administratiewe-, organisasie- en leierskapsvaardighede bevorder in selfontwerpte en gestruktureerde samelewing- en/of speelgrond- en/of inheemse spele wat fisiese aktiwiteit bevorder<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in programme wat skeidsregter-, administratiewe-, organisasie- en leierskapsvaardighede bevorder in selfontwerpte en gestruktureerde samelewing- en/of speelgrond- en/of inheemse spele wat fisiese aktiwiteit bevorder<br>• Veiligheidskwessies met betrekking tot deename aan selfontwerpte en gestruktureerde samelewing- en/of speelgrond- en/of inheemse spele wat fisiese aktiwiteit bevorder</td></tr>
<tr><th colspan="3">WEEK 5 - 7</th></tr>
<tr><td>Sosiale en omgewingsverantwoordelikheid</td><td>3 uur</td><td>Handboek, koerantberigte</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Omgewingskwessies wat skadelik is vir gesondheid:<br>- Die gebruik van skadelike middele in voedselproduksie<br>- Onmenslike boerderymetodes<br>- Die impak van degradering op die samelewing en die omgewing: omgewingsrisiko’s soos gronderosie, besoedeling, radiasie, vloede, vure, windskade en die verlies aan oop ruimte of die tekort aan infrastruktuur<br>- Die impak van die verlies aan bronne soos vissery, vuurmaakhout en land<br>- Hantering van omgewingsfaktore wat skadelik is vir gesondheid op ‘n persoonlike vlak: houdings, veiligheid en eerstehulpvaardighede en die hantering van rampe<br>• Klimaatsverandering: oorsake, impak op ontwikkeling, verligting en aanpassing<br>• Deelname aan samelewingsdiens wat ‘n eietydse omgewingskwessie aanspreek deur aan te dui hoe dit sekere sektore van die samelewing meer as ander beïnvloed</td></tr>
<tr><td>Liggaamsopvoeding</td><td>3 uur</td><td>Handboek, hulpbronne met betrekking tot verskeidenheid speletjies</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Deelname aan programme wat skeidsregter-, administratiewe-, organisasie- en leierskapsvaardighede bevorder in selfontwerpte en gestruktureerde samelewing- en/of speelgrond- en/of inheemse spele wat fisiese aktiwiteit bevorder<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in programme wat skeidsregter-, administratiewe-, organisasie- en leierskapsvaardighede bevorder in selfontwerpte en gestruktureerde samelewing- en/of speelgrond- en/of inheemse spele wat fisiese aktiwiteit bevorder</td></tr>
<tr><th colspan="3">WEEK 8 - 10</th></tr>
<tr><td colspan="3">EKSAMENS</td></tr>
</table>

| | |
|---|---|
| Formele assessering:<br>1. Halfjaareksamens<br>2. LOT | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig. |

<table>
<tr><th>ONDERWERP</th><th>KWARTAAL 3</th><th>GRAAD 11</th></tr>
<tr><th colspan="2">WEEK 1 - 5</th><th>Aanbevole hulpbronne</th></tr>
<tr><td>Selfontwikkeling in die samelewing</td><td>5 uur</td><td>Handboek</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Gesonde en gebalanseerde leefwysekeuses:<br>- Eienskappe van ‘n gesonde en gebalanseerde leefwyse: fisiese, sielkundige, sosiale, emosionele en geestelike fasette<br>- Faktore wat ‘n negatiewe impak op leefwysekeuses het:<br>• Ongelukke; soorte ongelukke; tekort aan kennis en vaardighede; gevaarlike houdings en gedrag; gevaarlike omgewings en emosionele faktore<br>• Riskante gedrag en situasies: persoonlike veiligheid, padgebruik, dwelmgebruik en -misbruik, seksuele gedrag, swangerskaprisiko, tienerselfmoorde, higiëne en eetgewoontes, seksueel-oordraagbare siektes, MIV en VIGS en groepsdruk<br>• Sosio-ekonomiese omgewing: geletterdheid, inkomste, armoede, kultuur en sosiale omgewing<br>- Faktore wat ‘n positiewe impak op leefwysekeuses het:<br>• Positiewe rolmodelle; ouers en maats; persoonlike waardes; religiesisteem; religie; media-, sosiale- en kulturele invloede; ekonomiese toestande<br>- Die impak van gevaarlike praktyke op self en ander: fisies, emosioneel, geestelik, sosiaal, ekonomies, polities en omgewing<br>- Individuele verantwoordelikheid om ingeligte besluite en keuses te maak: hantering en oorbrugging van hindernisse met betrekking tot gedrag en die opsoek van bystand, raad en ondersteuning<br>• Die rol van voeding in gesondheids- en fisiese aktiwiteite</td></tr>
<tr><td>Liggaamsopvoeding</td><td>5 uur</td><td>Handboek, hulpbronne met betrekking tot rekreasie- en ontspanningsprogramme</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Deelname aan programme wat verskeie leierskaprolle bevorder in selfontwerpte of gestruktureerde groepsrekreasie- en ontspanningsaktiwiteite<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in programme wat verskeie leierskaprolle bevorder in selfontwerpte of gestruktureerde groepsrekreasie- en ontspanningsaktiwiteite<br>• Veiligheidskwessies met betrekking tot deelname aan rekreasie- en ontspanningsaktiwiteite</td></tr>
<tr><th colspan="3">WEEK 6-10</th></tr>
<tr><td>Loopbane en loopbaankeuses</td><td>5 uur</td><td>Handboek, hulpbronne met betrekking tot loopbane</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Bevoegdhede, vermoëns en etiek wat belangrik is in die versekering van ‘n betrekking en die ontwikkeling van ‘n loopbaan:<br>- Bestudering van advertensies, skryf van ‘n brief om aansoek te doen en die voltooiing van aansoekvorms<br>- Skryf en samestelling van ‘n CV: alle vorms as bewys van ervaring wat opgedoen is, verkryging van getuigskrifte en bewyse (werkskadu en informele werk)<br>- Bestuur van vergaderings, projekbestuur en administratiewe vaardighede in ‘n kantoor<br>- Onderhoudvaardighede: persoonlike voorkoms en voorbereiding van tipiese vrae<br>- Etiek en etiese gedrag: deursigtigheid en verantwoordbaarheid<br>• Persoonlike verwagtinge met betrekking tot die werk/loopbaan waarin belangestel word:<br>- Verwagting en realiteit<br>- Kanse op sukses en werkstevredenheid<br>- Gepastheid ten opsigte van die werk/loopbaan<br>• Selfkennis ten opsigte van die aanvraag in die wêreld van werk en sosio-ekonomiese toestande: vaardighede, semi-vaardighede, onervare en fisiese arbeid<br>- Vereistes ten opsigte van addisionele en hoëronderwysstudies van verskillende loopbane<br>- Verwagtinge, realiteit en deursettingsvermoë</td></tr>
</table>

| | | |
|---|---|---|
| **Liggaamsopvoeding** | 5 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot rekreasie- en ontspanningsprogramme |
| • Deelname aan programme wat verskeie leierskaprolle bevorder in selfontwerpte of gestruktureerde groepsrekreasie- en ontspanningsaktiwiteite<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in programme wat verskeie leierskaprolle bevorder in selfontwerpte of gestruktureerde groepsrekreasie- en ontspanningsaktiwiteite | | |

| | |
|---|---|
| Formele assessering:<br>1. Projek<br>2. LOT | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig. |

<table>
<tr><th>ONDERWERP</th><th>KWARTAAL 4</th><th>GRAAD 11</th></tr>
<tr><th colspan="2">WEEK 1 - 3</th><th>Aanbevole hulpbronne</th></tr>
<tr><td>Selfontwikkeling in die samelewing</td><td>3 uur</td><td>Handboek, hulpbronne met betrekking tot geslagskwessies</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Geslagsrolle en die effek daarvan op gesondheid en welsyn: self, familie/gesin en samelewing<br>- Ongelyke magsverhoudinge-, ongelykheid, -balans en -stryd tussen geslagte: misbruik van mag teenoor ‘n individu (fisiese misbruik), in familie/gesin (bloedskande), kultureel (verskillende rouperiodes vir mans en vrouens), sosiaal (huislike geweld en seksuele geweld/verkragting) en werksomgewing (seksuele teistering)<br>- Negatiewe effekte op gesondheid en welsyn<br>- Aanspreek van ongelyke magsverhoudinge en geslagsongelykheid</td></tr>
<tr><td>Liggaamsopvoeding</td><td>3 uur</td><td>Handboek, hulpbronne met betrekking tot tradisionele- en uitheemse sport</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Deelname aan programme wat skeidsregter-, administratiewe-, organisatoriese- en leierskapsvaardighede bevorder in aangepaste tradisionele en/of uitheemse sport<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in programme wat skeidsregter-, administratiewe-, organisatoriese- en leierskapsvaardighede bevorder in aangepaste tradisionele en/of uitheemse sport<br>• Veiligheidskwessies ten opsigte van deelname aan aangepaste tradisionele en/of uitheemse sport</td></tr>
<tr><th colspan="3">WEEK 4 - 6</th></tr>
<tr><td>Demokrasie en menseregte</td><td>3 uur</td><td>Handboek, hulpbronne met betrekking tot verskillende religieë en religiesisteme, koerantberigte</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Bydraes tot Suid-Afrika se diverse religieë en religiesisteme ten einde ‘n harmonieuse samelewing en eie religiesisteem te vestig:<br>- Verduideliking van eie waardes en religie<br>- Identifiseer en analiseer verskeie morele en geestelike kwessies en dilemmas krities: die reg om te lewe, genadedood, kulturele praktyke en -tradisies, ekonomiese kwessies en omgewingskwessies<br>- Respekteer opinies wat van eie verskil</td></tr>
<tr><td>Liggaamsopvoeding</td><td>3 uur</td><td>Handboek, hulpbronne met betrekking tot tradisionele- en uitheemse sport</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Deelname aan programme wat skeidsregter-, administratiewe-, organisatoriese- en leierskapsvaardighede bevorder in aangepaste tradisionele en/of uitheemse sport<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in programme wat skeidsregter-, administratiewe-, organisatoriese- en leierskapsvaardighede bevorder in aangepaste tradisionele en/of uitheemse sport</td></tr>
<tr><th colspan="3">WEEK 7 - 10</th></tr>
<tr><td colspan="3">EKSAMENS</td></tr>
</table>

| | |
|---|---|
| Formele assessering:<br>1. Jaareindeksamen<br>2. LOT | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 1 | GRAAD 12 |
|---|---|---|
| **WEEK 1 - 5** | | **Aanbevole hulpbronne** |
| **Selfontwikkeling in die samelewing** | 5 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot gesondheid |
| • Vereiste lewensvaardighede om by verandering aan te pas as deel van deurlopende gesonde leefwysekeuses: stresfaktore, veranderinge en lewenskwaliteit<br>- Identifiseer stresfaktore: fisiese-, emosionele-, sosiale- en omgewingsfaktore (misbruik, roeping, lewenskrisisse en sosiale druk)<br>- Assesseer stresvlakke: tekens en simptome van stres, positiewe stres en negatiewe stres<br>- Hantering van stres: hanteringsmeganismes en/of bestuurstegnieke, ontwikkeling en toepassing van eie strategie<br>- Konflikhanteringsvaardighede: interpersoonlik en intrapersoonlik<br>- Aanvoering, opbou en volhoubaarheid van positiewe verhoudinge: belangrikheid van kommunikasie (begrip vir ander, kommunikasie van gevoelens, religie en houdings)<br>- Faktore wat effektiewe kommunikasie beïnvloed: persoonlikheid, houdings en waardes, aanvaarding van verantwoordelikhede, gepaste gee van sienings en uitdruk van gevoelens, respek vir ander se gevoelens<br>- Aanpassing by groei en verandering: verandering in omstandighede<br>- Oorgang tussen skool en post-skool bestemming, positiewe en negatiewe aspekte van verandering, ondersoek ander sienings, insigte rakende die lewensiklus en verwante tradisionele praktyke<br>• Persoonlike leefwyseplan om kwaliteitlewe te verseker | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 5 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot fiksheidsprogramme |
| • Deelname aan programme wat bereiking van persoonlike fiksheid en gesondheidsdoelwitte bevorder<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in programme wat bereiking van persoonlike fiksheid en gesondheidsdoelwitte bevorder<br>• Veiligheidskwessies ten opsigte van fiksheidsoefeninge | | |
| **WEEK 6 - 7** | | |
| **Studievaardighede** | 2 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot studievaardighede |
| • Skenk oorweging aan die assesseringsproses en eksamenskryfvaardighede en die toepassing van hierdie vaardighede: hersien eie studievaardighede, -strategieë en -style<br>- Hersien eksamenskryfvaardighede (lees die vraag, beplan die antwoord, beantwoord die vrae, ensovoorts)<br>• Belangrikheid van skoolgebaseerde assessering<br>• Belangrikheid van die verkryging van die Nasionale Senior Sertifikaat: ontwikkeling van 'n studieplan vir graad 12 | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 2 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot fiksheidsprogramme |
| • Deelname aan programme wat die bereiking van persoonlike fiksheid en gesondheidsdoelwitte bevorder | | |
| **WEEK 8 - 10** | | |
| **Loopbane en loopbaankeuses** | 3 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot loopbane |
| • Verbintenis tot 'n besluit: betrekking of kursusaansoek vir addisionele- of hoëronderwys, vaardighede vir finale aksie (beskikbaarheid van fondse, voltooiing van vorms, verblyf- en reisreëlings), vind van geskikte werks- of studiegeleenthede uit verskeie bronne en bepaal die vereistes vir aanvaarding en moontlike uitdagings<br>- Strategieë om doelwitte te bereik<br>• Redes vir en die impak van werkloosheid<br>• Innoverende oplossings om werkloosheid teen te werk: vrywillige werk, deeltydse werk, samelewingswerk, selfondernemings en informele werk<br>- Finansiële en sosiale lewensvatbaarheid van selfondernemings en ander betrekkingsopsies insluitend die bewustheid van belastingpligtigheid<br>- Die impak van korrupsie en bedrog op die individu, maatskappy, samelewing en land | | |

| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot fiksheidsprogramme |
|---|---|---|
| • Deelname aan programme wat bereiking van persoonlike fiksheid en gesondheidsdoelwitte bevorder<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in programme wat bereiking van persoonlike fiksheid en gesondheidsdoelwitte bevorder | | |

| | |
|---|---|
| Formele assessering:<br>1. Geskrewe taak<br>2. LOT | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 2 | GRAAD 12 |
|---|---|---|
| **WEEK 1 - 4** | | **Aanbevole hulpbronne** |
| **Demokrasie en menseregte** | 4 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot seksualiteitsopvoeding en gesondheid |
| • Verantwoordelike burgerskap:<br>- Evalueer eie posisie by die hantering van diskriminasie en menseregteskendings deur die Menseregteverklaring in aanmerking te neem: deelname aan besprekings, projekte, veldtogte en gebeure wat diskriminasie en menseregteskendings aanspreek<br>- Evaluasie aangaande die uitkomste van die veldtogte en gebeure<br>• Die rol van die media in ‘n demokratiese samelewing: elektroniese en gedrukte media<br>- Vryheid van uitdrukkings en beperkinge<br>- Die mate wat mediaverslaggewing ‘n demokratiese samelewing weerspieël: onderwerpe wat gedek word, die redakteur se posisie, ruimte wat aan die onderwerpe toegestaan word en die geografiese verspreiding (bereikbaarheid van die inligting ten opsigte van verskillende groepe in die samelewing)<br>- Kritiese analisering van media en veldtogte<br>- Sportdekking, sportpersoonlikhede en rekreasie-aktiwiteite<br>• Ideologieë, religie en wêrelduitgangspunte ten opsigte van rekreasie en fisiese aktiwiteit oor kulture en geslagte heen | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 4 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot samelewing-/speelgrond/inheemse en tradisionele/uitheemse sport |
| • Deelname aan programme met ‘n langtermynverbintenis wat fisiese aktiwiteit in die samelewing- en/of speelgrond- en/of inheemse spele of tradisionele en/of uitheemse sport bevorder<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in programme met ‘n langtermynverbintenis wat fisiese aktiwiteit in die samelewing- en/of speelgrond- en/of inheemse spele of tradisionele en/of uitheemse sport bevorder<br>• Veiligheidskwessies ten opsigte van deelname wat fisiese aktiwiteit in die samelewing- en/of speelgrond- en/of inheemse spele of tradisionele en/of uitheemse sport bevorder | | |
| **WEEK 5 - 7** | | |
| **Sosiale en omgewingsverantwoordelikheid** | 3 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot gesondheid, religie en loopbane |
| • Samelewingsverantwoordelikheid om omgewings en dienste te voorsien wat veilige en gesonde leefwyse bevorder:<br>- Verantwoordelikhede van verskeie regeringsvlakke: wette, regulasies, reëls en samelewingdienste<br>- Opvoedings- en ingrypingsprogramme; impakstudies<br>• Formulering van ‘n persoonlike missieverklaring vir die lewe wat gebaseer is op:<br>- Persoonlike sienings, waardes, religiesisteem, religie, ideologieë, leefwyse (fisiese- en emosionele welsyn), omgewingsverantwoordelikhede, doelwitte vir studie en loopbaankeuses<br>• Die impak van die visie op:<br>- Lewensaksies/-gedrag<br>- Onmiddelike samelewing en samelewing as ‘n geheel | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 3 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot speletjies en sport |
| • Deelname aan programme met ‘n langtermynverbintenis wat fisiese aktiwiteit in die samelewing- en/of speelgrond- en/of inheemse spele of tradisionele en/of uitheemse sport bevorder<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in programme met ‘n langtermynverbintenis wat fisiese aktiwiteit in die samelewing- en/of speelgrond- en/of inheemse spele of tradisionele en/of uitheemse sport bevorder | | |

| WEEK 8 - 10 | |
|---|---|
| **EKSAMENS** | |
| Formele assessering:<br>1. Halfjaareksamen<br>2. Projek<br>3. LOT | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig. |

<table>
<tr><th>ONDERWERP</th><th>KWARTAAL 3</th><th>GRAAD 12</th></tr>
<tr><th colspan="2">WEEK 1 - 4</th><th>Aanbevole hulpbronne</th></tr>
<tr><td>Selfontwikkeling in die samelewing</td><td>4 uur</td><td>Handboek, koerantberigte, Handves van Menseregte</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Menslike faktore wat gesondheidsrisiko's inhou, ongelukke, krisisse en rampe: sielkundige-, sosiale-, religieuse-, kulturele praktyke en verskillende kennisperspektiewe<br>- Leefwyse-siektes as gevolg van armoede en geslagsongelykheid: kanker, hoë bloeddruk, hartkwale en bloedsomloopsiektes, tuberkulose, seksueel oordraagbare siektes insluitend MIV en VIGS<br>- Bydraende faktore: eetgewoontes, tekort aan oefening, rook, dwelmmisbruik en gevaarlike seksuele gedrag<br>- Ingrypingstrategieë: voorkoming en beheer, vroeë ontdekking, behandeling, sorg en ondersteuning<br>• Verbintenis om aan langtermyn fisiese aktiwiteite deel te neem: ontwikkeling van 'n aksieplan<br>- Langtermyn effekte van deelname: fisies, geestelik, sosiaal en emosioneel<br>- Waarde-toegevoegde voordele en leefwyse-siektes</td></tr>
<tr><td>Liggaamsopvoeding</td><td>4 uur</td><td>Handboek, hulpbronne met betrekking tot ontspannings- en rekreasie-aktiwiteite</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Deelname aan programme wat langtermyn verbintenis ten opsigte van ontspanning en rekreasie-aktiwiteite bevorder<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in programme wat langtermyn verbintenis ten opsigte van ontspanning en rekreasie-aktiwiteite bevorder<br>• Veiligheidskwessies met betrekking tot deelname aan ontspanning en rekreasie-aktiwiteite</td></tr>
<tr><th colspan="3">WEEK 5 - 7</th></tr>
<tr><td>Loopbane en loopbaankeuses</td><td>3 uur</td><td>Handboek, hulpbronne met betrekking tot loopbane</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Kernelemente van 'n werkskontrak: werkerregte en verpligtinge; diensvoorwaardes<br>- Arbeidswette: Die Wet op Arbeidsverhoudinge, die Wet op Gelyke Indiensneming en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes<br>- Beginsels van gelykheid en regstelling<br>- Werwingsproses: algemene tendense en praktyke<br>- Vakbonde en georganiseerde arbeid<br>- Werketiek en samelewingsverwatinge<br>• Die waarde van werk: hoe werk lewensbetekenis gee</td></tr>
<tr><td>Liggaamsopvoeding</td><td>3 uur</td><td>Handboek, hulpbronne met betrekking tot rekreasie- en ontspanningsaktiwiteite</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Deelname aan programme wat langtermyn verbintenis ten opsigte van ontspanning en rekreasie-aktiwiteite bevorder<br>• Deelname aan en uitvoering van bewegings in programme wat langtermyn verbintenis ten opsigte van ontspanning en rekreasie-aktiwiteite bevorder</td></tr>
<tr><th colspan="3">WEEK 8 - 10</th></tr>
<tr><td colspan="3">EKSAMENS</td></tr>
</table>

| | |
|---|---|
| Formele assessering:<br>1. Finale eksamen<br>2. LOT | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 4 | GRAAD 12 |
|---|---|---|
| **WEEK 1 - 2** | | **Aanbevole hulpbronne** |
| **Studievaardighede** | 2 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot wenke vir sukses |
| • Gereedmaking vir sukses: strategieë wat gevolg kan word om suksesvol te wees in die graad 12-eksamen<br>- Hersiening van eie studievaardighede<br>- Hersiening van eksamenskryfvaardighede | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 2 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot speletjies en sport |
| • Deelname aan ‘n verskeidenheid aktiwiteite wat lewenslange deelname aan fisiese aktiwiteit bevorder<br>• Veiligheidskwessies met betrekking tot deelname aan fisiese aktiwiteite | | |
| **WEEK 3 - 4** | | |
| **Loopbane en loopbaankeuses** | 2 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot loopbane |
| • Verfyning van ‘n portefeulje van planne vir lewe na skool: rekord van planne en vordering na die bereiking van daardie planne<br>- Toelatingsvereistes vir die graad/diploma of hoëronderwys sertifikaat vir die voorgenome studierigting<br>- Besonderhede van die geïdentifiseerde instansie wat finansiering bied vir die voorgenome kursus (se) : opsie 1 en 2<br>- Identifisering van moontlike betrekkingsgeleenthede<br>- Aansoekbriewe en antwoorde op betrekking/studie/beurs<br>- ‘n Kort CV vir die aansoek tot deeltydse of voltydse betrekking of vir ‘n beurs | | |
| **Liggaamsopvoeding** | 2 uur | Handboek, hulpbronne met betrekking tot rekreasie- en ontspanningsaktiwiteite |
| • Deelname aan ‘n verskeidenheid aktiwiteite wat lewenslange deelname aan fisiese aktiwiteite bevorder | | |
| **WEEK 5 - 10** | | |
| **EKSTERNE EKSAMENS** | | |

Die volgende tabel bevat voorbeelde van moontlike liggaamsopvoedingsaktiwiteite wat aangebied kan word per bewegingsafdeling vir Graad 10-12:

| **Fiksheid** | **Speletjies en sport** | **Rekreasie** |
|---|---|---|
| • Aerobies: aqua (water) aerobies, aerobiese dans, trappies klim (stepping)<br>• Rondte-oefening<br>• Hindernisbane<br>• Stap/hardloopprogramme<br>• Uithouvermoë/ spierversterkingsoefeninge met/ sonder apparate (stokke, balle, toue, hoepels, boontjiesakke, stoele) : individueel en in pare<br>• Oefeninge met die gebruik van gewigte | • Atletiek: veld- en baanitems<br>• Aflosse met en sonder apparate<br>• Kolf en veldwerkspeletjies: informele bofbal, sagtebal, krieket, bofbal<br>• Aanvalspeletjies: netbal, rugby, ringbal, sokker, raakrugby<br>• Net/muurspeletjies: tennis, pluimbal, tafeltennis<br>• Teikenspeletjies: gholf, hokkie<br>• Wateraktiwiteite: lewensredding<br>• Swemspeltjies en watersport<br>• Gesinkroniseerde swem<br>• Netbal, rugby, sokker, hokkie, krieket<br>• Sagtebal, bofbal, ringbal<br>• Matbal, handsokker, informele bofbal | • Dans: sosiaal (baldans, volksdanse), tradisionele, kreatiewe, ritmiese beweging met of sonder handapparate<br>• Gimnastiek (opvoedkundig) : individueel en groepsaktiwiteite<br>• Voetslaan<br>• Oriëntering<br>• Selfverdediging |

| **Veiligheidskwessies/beginsels** | |
|---|---|
| • Kleredrag<br>• Skoene<br>• Grootte en oppervlak van die speelarea<br>• Oppervlak van groot apparaat<br>• Toestand van die apparaat | • Opwarming en afkoeling<br>• Basiese eerstehulp<br>• Waterveiligheid<br>• Spasiëring van leerders tydens aktiwiteite<br>• Volg van instruksies |

# AFDELING 4

## ASSESSERING IN LEWENSORIËNTERING

### 4.1 Inleiding

Assesering is ‘n deurlopende, beplande proses om inligting oor leerderprestasie te identifiseer, te versamel en te vertolk. Verskeie vorme van assessering word in hierdie proses gebruik. Dit bestaan uit vier stappe: die ontwikkeling en versameling van bewyse van prestasie, die evaluering van die bewyse; rekordhouding van die bevindinge en die gebruik van hierdie inligting om die leerder se ontwikkeling te verstaan en te ondersteun. Sodoende word die onderrig en leerproses bevorder.

Alhoewel die toets-gebaseerde benadering waarde het in die bepaling van wat die leerder ken en nie ken nie, en die manier waarop hulle redeneer, behoort dit oordeelkundig gebruik te word in die assessering van leerderprestasie in Lewensoriëntering om te voorkom dat hierdie oorwegend vaardigheidsgedrewe-vak te teoretiesgedrewe word. Sommige aktiwiteite is prakties van aard en behoort aan die leerders die geleentheid te bied om die lewensvaardighede op ‘n praktiese manier te beleef. Elke Lewensoriënteringsonderwerp vereis die aanspreek en assessering van vaardighede, kennis en waardes.

Vaardighede soos selfbewussyn en -bestuur, streshantering, besluitneming, empatie, interpersoonlike verhoudinge, kommunikasie, selfgelding, onderhandeling, doelwitstelling, vermoë om inligting te bekom, probleemoplossing, kreatiewe en kritiese denke word in al ses die onderwerpe aangespreek en word formeel of informeel in Lewensoriëntering geassesseer. Op dieselfde wyse, word houdings soos selfrespek en respek vir ander, respek vir en aanvaarding van verskille, aanvaarding van verantwoordelikhede, deursettingsvermoë, uithouvermoë, anti-diskriminasie en gelykheid ook in al ses onderwerpe aangespreek en geassesseer.

Lewensoriëntering is die enigste vak in die Nasionale Kurrikulumverklaring wat nie ekstern geassesseer en geeksamineer word nie. ‘n Leerder sal egter nie bevorder word of ‘n Nasionale Senior Sertifikaat kan verwerf sonder om konkrete bewys te lewer van prestasie in die vyf voorskriftelike assesseringstake vir daardie spesifieke graad nie. Leerders behoort ook die minimum bevorderings- of sertifikaatvereistes vir die NKV te behaal.

Leerderprestasie in Lewensoriëntering word regdeur die skooljaar gemonitor en behels die volgende drie verskillende maar verwante aktiwiteite:

1) Informele of daaglikse assesseringstake

2) Formele assesseringstake

3) Opsionele sertifikaattake.

### 4.2 Informele of daaglikse assessering

Informele of daaglikse assessering behels die daaglikse monitering van die leerders se vordering. Dit voorsien aan leerders ‘n verskeidenheid geleenthede om die kennis, vaardighede en waardes met betrekking tot die vak te bemeester. Informele assessering behoort gebruik te word om terugvoering aan die leerders te bied en om die beplanning toe te lig. Dit behoort nie afsonderlik van die leeraktiwiteite tydens ‘n les gesien te word nie. In Lewensoriëntering mag die onderwyser kies om ‘n kort klastoets, bespreking, praktiese demonstrasie, kopkaart, debat, mondelinge verslag, rolspel, kort huiswerktake, werkskaarte, groepswerk en individuele rekordhouding te

doen as daaglikse assesseringstake.

Aktiwiteite wat as daaglikse assesseringstake gegee word, behoort die leerders voor te berei om suksesvolle formele assesseringstake te kan doen. Die onderwyser hoef nie elkeen van hierdie take na te sien nie, maar leerders kan gelei word om hul eie prestasie of dié van hul maats te assesseer deur die toepaslike assesseringsinstrument te gebruik soos 'n memorandum vir toetse of kontrolelyste vir waarnemingsoefeninge. Die gebruik van waarnemingskontrolelyste in daaglikse assesseringstake help leerders om hul vordering ten opsigte van kennis, vaardighede en waardes te bepaal wat weer in die formele assesseringstake geassesseer gaan word.

Die resultate van die informele assesseringstake word nie formeel opgeteken nie tensy die onderwyser dit wil doen. Die uitslag word nie in ag geneem vir bevorderings- en sertifiseringsdoeleindes nie.

### 4.3 Sertifikaattake

Sertifikaattake is opsionele take. Hul doel is om die bereiking en leerpotensiaal van leerders te versterk asook om 'n sin vir prestasie by die leerders te skep soos wat hul graad 12 verlaat. Lewensoriënteringonderwysers word dus aangemoedig om leerders toegang te bied tot sulke take waar die omstandighede dit toelaat.

'n Sertifikaattaak kan gegrond word op prestasie of deelname. Prestasiegebaseerde sertifikaattake kan byvoorbeeld Eerstehulp Vlak 1 of 'n leerder se bestuurderslisensie wees wat deur 'n assesseringsinstansie of organisasie buite die skool aangebied word. Daar word van leerders verwag om aan die vereistes van daardie instansie of organisasie te voldoen ten einde 'n bevoegdheidsertifikaat te verwerf. Ander voorbeelde van soortgelyke take sluit in rekenaargeletterdheidskursusse en studievaardigheidskursusse.

Deelname-gebaseerde sertifikaattake word deur die skool en samelewingsorganisasies aangebied. Dit sluit betrokkenheid by 'n skoolgebaseerde buitemuurse-aktiwiteit soos sport- en kulturele aktiwiteite of 'n samelewingsaktiwiteit in. Daar word van leerders verwag om oor 'n vasgestelde tydperk aan die aktiwiteit deel te neem. Ander voorbeelde van soortgelyke take sluit in die betrokkenheid by die beplanning, reëlings en aanbieding van skoolgebeure, werksplekondervinding en deelname aan 'n klub- of groepsaktiwiteit, byvoorbeeld die Voortrekkers.

Die geselekteerde sertifikaattake behoort op die Curriculum Vitae van elke leerder aangedui te word. 'n Onderwyser sal die sertifikaattaak kies wat aan die leerder se behoeftes voldoen en sal, indien moontlik, leerders toegang gee tot 'n verskeidenheid soortgelyke take.

### 4.4 Formele assessering

Alle assesseringstake wat deel vorm van die formele assesseringsprogram vir die jaar word beskou as formele assessering. Formele assesseringstake word nagesien en formeel deur die onderwyser vir progressie en sertifisering opgeteken. Alle formele assesseringstake word gemodereer ter vwille van gehalteversekering en om te verseker dat gepaste standaarde gehandhaaf word. Formele assessering voorsien aan onderwysers 'n sistematiese manier om te evalueer hoe goed leerders in 'n graad en 'n betrokke vak vorder. Die vorme van assessering behoort geskik te wees vir leerders se ouderdom en ontwikkelingsvlak.

In die formele assesseringsprogram vir Lewensoriëntering, word daar van die leerders verwag om vyf interne take per graad te voltooi. Van hierdie vyf interne assesseringstake is twee eksamens, een 'n projek, een 'n geskrewe taak en een 'n uitgebreide Liggaamsopvoedingstaak (LOT). In graad 12 word vier take deur die Lewensoriënteringonderwyser opgestel en geassesseer: geskrewe taak, halfjaareksamen, projek en LOT. Die vyfde taak, wat die finale eksamen is, word op provinsiale vlak opgestel en word deur die Lewensoriënteringonderwyser by die skool nagesien. Die vyf interne formele take tel 100% van die totale punt uit 400 vir grade 10, 11 en 12.

Formele assessering in Lewensoriëntering moet 'n reeks kognitiewe vlakke en vermoëns van leerders dek soos hieronder aangetoon:

| Gewig | Kognitiewe vlak | Bloom se taksonomie | Voorbeelde |
|---|---|---|---|
| 30% | Laer orde | Vlakke 1 & 2 | Wat? Hoekom? Wie? Lys |
| 40% | Middel orde | Vlakke 3 & 4 | Bespreek, verduidelik, beskryf |
| 30% | Hoër orde | Vlakke 5 & 6 | Evalueer, sintetiseer, evalueer krities, stel ondersoek in |

## 4.5 Assesseringsprogram

Die assesseringsprogram is ontwikkel om formele assesseringstake in 'n vak in 'n skool oor 'n skooljaar te versprei.

Die gewigswaarde van die punte vir die vyf interne formele assesseringstake vir Lewensoriëntering is soos hieronder aangetoon:

**Graad 10 en 11**

| KWARTAAL 1 | KWARTAAL 2 | KWARTAAL 3 | KWARTAAL 4 |
|---|---|---|---|
| Taak 1<br>Geskrewe taak: 80 punte<br>Taak 5<br>LOT: 20 punte | Taak 2<br>Halfjaareksamen:<br>80 punte<br>Taak 5<br>LOT: 20 punte | Taak 3<br>Projek: 80 punte<br>Taak 5<br>LOT: 20 punte | Taak 4<br>Jaareindeksamen: 80 punte<br>Taak 5<br>LOT: 20 punte |

**Graad 12**

| KWARTAAL 1 | KWARTAAL 2 | KWARTAAL 3 | KWARTAAL 4 |
|---|---|---|---|
| Taak 1<br>Geskrewe taak: 80 punte<br>Taak 5<br>LOT: 20 punte | Taak 2<br>Halfjaareksamen: 80 punte<br>Taak 3<br>Projek: 80 punte<br>Taak 5<br>LOT: 40 punte | Taak 4<br>Finale eksamen: 80 punte<br>Taak 5<br>LOT: 20 punte | |

**Aard van die formele take**

### 4.5.1 Geskrewe take: take wat op inligting uit 'n bron gebaseer is, gevallestudies, werkstukke, geskrewe verslae, geskrewe en mondelinge aanbiedinge en portefeulje van bewyse

Die lys voorsien vorme van assessering wat sal dien as geskrewe taak in grade 10, 11 en 12. Die geskrewe taak sal fokus op spesifieke inhoud of dit sal die inhoud op 'n geïntegreerde manier aanspreek. Die fokus sal bepaal word deur die inhoud wat volgens die jaarlikse onderrigplan gedek is. Daar word van die leerder verwag om hul begrip van die kennis te demonstreer deur die inligting te lees en te skryf asook die kennis en vaardighede toe te pas. Die onderwyser sal die hulpbronne en inligting wat benodig word om die taak te voltooi aan die leerders voorsien.

Onderwysers moet seker maak dat leerders blootgestel word aan 'n verskeidenheid vorme van assessering oor die drie grade heen sodat leerders nie dieselfde vorm van assessering herhaal in die verskillende grade nie.

**1) Take wat op inligting uit ‘n bron gebaseer is**

Leerders ontvang inligting uit ‘n langer bron van ‘n sekere boek/koerant/tydskrif, ensovoorts wat die leerder in-diepte moet lees. Leerders behoort die inligting in te neem en dan op die toepassingsvrae te reageer wat op ingeligte besluitneming en probleemoplossing gegrond is. Daar mag van hulle verwag word om aanhalings vanuit die bron te vertolk, kommentaar te analiseer en moontlike voorstelle te maak.

Voorbeeld van ‘n taak wat op inligting in ‘n bron gebaseer is: selekteer ‘n artikel oor leefwysekeuses en die impak van hierdie keuses op die algemene welsyn van die Suid-Afrikaanse jeug. Gebruik die risiko gedragspatrone en resultate wat in die Jeug Risiko Gedragsopname gelys is.

**2) Gevallestudies**

‘n Werklike lewenssituasie, ‘n huidige probleem of ‘n gebeurtenis wat verwant is aan ‘n onderwerp in die kurrikulum word aan die leerders voorgehou. Daar word van hulle verwag om ‘n sekere rol aan te neem deur die posisie te artikuleer en op sekere vrae vanuit die verskillende kognitiewe vlakke te reageer. Hulle behoort hul eie en hul maats se ervaring te gebruik, of vorige leerervarings om dit te vertolk, analiseer, raad te gee en/of die probleem op te los op grond van ingeligte besluitneming.

Voorbeeld van ‘n gevallestudie: Gebruik ‘n koerantberig wat verwant is aan die Lewensoriënteringskurrikulum.

**3) Werkstukke**

Die werkstuk laat ‘n meer holistiese assessering van kennis, vaardighede en waardes toe en die toepassing daarvan in verskillende kontekste. Die taak vereis van die leerder om te lees en te skryf. In teenstelling met die projek, word daar nie van die leerder verwag om ondersoek in te stel na die vorm van onderhoude en waarnemings wat by die taak ingesluit hoef te word nie. Dit is egter ‘n oefening in probleemoplossing en/of besluitneming, kritiese en kreatiewe denke, die maak van voorstelle en toepassing van kennis met duidelike riglyne ten opsigte van lengte. Die werkstuk sal in die vorm van ‘n opstel wees met onderopskrifte wat verwant is aan die kriteria van die taak. Alle bronne en inligting wat benodig word vir die taak sal in die klas voorsien word.

Voorbeeld van ‘n werkstuk: Evalueer die impak van riskante leefwysegedrag by die jeug.

**4) Geskrewe verslae**

Verslae is gewoonlik die geskrewe bewys van ‘n opname, analise of ondersoek. Dit behoort korter te wees as ‘n projek en is spesifiek tot die onderwerp. Dit sluit dikwels ‘n reeks subonderwerpe in soos onderhoude, ondersoek, raadpleging van ‘n kenner, opsomming en kommentaar/voorstelle.

Voorbeeld van ‘n geskrewe verslag: ‘n Vriend kom na jou toe vir hulp in verband met ‘n spesifieke verhoudingsprobleem. Skryf ‘n verslag oor die manier waarop jy hom/haar gehelp het om die probleem te oorbrug deur gebruik te maak van besluitnemings- en probleemoplossingsvaardighede.

**5) Geskrewe en mondelinge aanbiedinge**

Daar word van leerders verwag om ‘n mondelinge aanbieding te doen en geskrewe bewys te lewer van die mondelinge aanbieding oor ‘n spesifieke onderwerp of ondersoek. Al die kriteria wat gebruik gaan word om die leerder te assesser moet deeglik vooraf met hom/haar bespreek word. Die teks moet verdeel word in paragrawe/afdelings/skyfies (indien die aanbieding met behulp van ‘n rekenaar gedoen gaan word). Plakkate, prente, foto’s, diagramme en/of grafieke mag as visuele hulpmiddele ingesluit word.

Voorbeeld van 'n geskrewe en mondelinge aanbieding: Verskeie roetes wat beskikbaar is om toegang te verkry tot die beroepsmark.

**6) Portefeulje van bewys**

Daar word van die leerder verwag om 'n portefeulje saam te stel as bewys van die navorsing/ondersoeke oor die spesifieke onderwerp om die onderwerp voor te stel, te verkoop, te demonstreer of te adverteer. Hierdie portefeulje sal al die bewysstukke oor die onderwerp bevat wat die leerder versamel het. Dit kan verslae, aanbiedinge, foto's, prente, grafieke, sketse, diagramme, ensovoorts insluit.

'n Voorbeeld van 'n portefeulje met bewysstukke: Bewyse van die agteruitgang van die omgewing

**4.5.2 Projek**

Die projek sal 'n werkstuk wees waarin kennis, vaardighede en waardes gedemonstreer word wat sal lei tot bevoegdheid in die spesifieke of geïntegreerde inhoud. Die projek vereis uitgebreide lees- en skryfwerk van die leerder. Die projek sluit deeglike ondersoek in en die gebruik van bronne om die inligting aangaande 'n geselekteerde onderwerp in die kurrikulum te vind. Dit kan die vorm van 'n onderhoud en/of waarneming aanneem, asook die maak van voorstelle ter verbetering van die onderwerp. Die doelwit van die projek behoort duidelik te wees en deeglike beplanning behoort plaas te vind, byvoorbeeld voorbereiding van vrae met die oog op die onderhoud. Dit word gevolg deur navorsing en die samestelling van die data/inligting in bewysstukke. Die bewysstuk sal in die vorm van 'n opstel wees met onderopskrifte wat verband hou met die kriteria van die taak.

Hoewel die tyd wat in beslag geneem word met die versameling van bronne en inligting nie deel uitmaak van die kontaktyd nie, word die taak gedurende klastyd voltooi met die onderwyser as fasiliteerder. Die onderwerp en aard van die projek word bepaal deur die inhoud wat gedek word volgens die jaarlikse onderrigplan. Die projek behoort voor die einde van die tweede kwartaal aan die leerders gegee te word, nadat die verwante inhoud aangespreek is, sodat die taak gedurende die derde kwartaal ingehandig kan word. Die leerders benodig toereikende leiding vanuit die staanspoor nadat die projek gegee is en die vordering behoort deurlopend gemonitor te word. Die verwante assesseringskriteria met betrekking tot die projek moet met die leerders bespreek word voordat daar met die projek begin word.

Voorbeelde van 'n projek:

- Samelewingsprojek waarin 'n sosiale of omgewingskwessie aangespreek word
- Ondersoek na die leefwysekeuses en die impak daarvan op die algemene welsyn van die Suid-Afrikaanse jeug
- Navorsing en die toepassing van besluitnemingsvaardighede ten opsigte van situasies wat uitdagings in verskillende kontekste bied: 'n plan van aksie of advies vir langtermyn-sukses behoort ingesluit te word.

Hierdie minimum vereistes behoort in ag geneem te word wanneer 'n projek voorberei word:

- 'n Buiteblad
- 'n Inhoudsopgawe
- Die verdeling van die teks in paragrawe/afdelings soos aangedui in die instruksies/kriteria van die projek
- Prente, foto's, diagramme en grafieke mag ingesluit word

- ‘n Bibliografie moet ingesluit word
- Die projek moet gebind of vasgekram word.

#### 4.5.3 Eksamens

Eksamens van ten minste 90 minute elk sal twee keer per jaar as deel van die interne eksamenrooster van die skool/distrik/provinsie uitmaak. Die eerste eksamen sal die inhoud, kennis en vaardighede wat gedurende die eerste en tweede kwartaal gedek is, omvattend aanspreek. Die finale eksamen sal die inhoud, kennis en vaardighede wat tydens kwartaal 1 tot kwartaal 4 in graad 10 en 11, en kwartaal 1 tot kwartaal 3 in graad 12 gedek is, omvattend aanspreek. Meer as een tipe vraagstelling behoort ingesluit te word en fokus veral op die toepassing van kennis op ‘n geïntegreerde manier. Inhoud aangaande Liggaamsopvoeding behoort ook by die eksamens ingesluit te word.

**Uitleg van eksamens**

Die onderstaande uitleg sal gevolg word wanneer eksamenvraestelle vir Lewensoriëntering opgestel word.

Die vraestel sal uit drie afdelings bestaan. Totaal vir eksamen: **80 Punte**

| Afdeling A: 20 punte | Afdeling B: 30 punte | Afdeling C: 30 punte |
|---|---|---|
| • Alle vrae is verpligtend.<br>• ‘n Bron of gevallestudie mag gebruik word om sommige van die vrae in konteks te plaas<br>• Die vrae moet ‘n kombinasie wees van twee of meer tipes vrae wees wat wissel van wat, wie, lys, beskryf, verduidelik, meervoudige vrae en waar of vals met redes<br>• Toets die begrip van feitelike kennis<br>• Antwoorde behoort kort en direk te wees en kan wissel van ‘n antwoord met een woord tot ‘n frase of volsinne (puntsgewys) | • Alle vrae is verpligtend.<br>• Kort oop-einde-, scenario-gebaseerde-, bron-gebaseerde- en gevallestudievrae<br>• Vrae behoort kennis-gebaseerd te wees uit inligting wat die leerders vanuit die Lewensoriënteringinhoud verkry het<br>• Leerders moet hul kennis en vaardighede ten toon stel, aanbied en toepas deur begrip te toon vir werklike lewenskwessies wat die jeug en samelewing as geheel beïnvloed en advies of moontlike oplossings kan voorstel: demonstreer doelwitstelling- en besluitnemingsvaardighede<br>• Leerders behoort direkte antwoorde, volsinne (puntsgewys) en uitgebreide antwoorde in kort paragrawe te kan verskaf | • Drie vrae van 15 punte of vier vrae van 10 punte word opgestel waarvan daar van die leerders verwag word om twee of drie vrae onderskeidelik te beantwoord.<br>• Die oorwegende fokus van die vrae is op die toepassing van kennis en vaardighede<br>• Leerders sal probleme oplos, besluite neem en advies gee, antwoorde wissel van ‘n paar direkte antwoorde tot die uitgebreide skryf van beskrywende paragrawe of kort opstelle wat die kwessie vermeld, evalueer of ondersoek.<br>• Elke vraag fokus op die spesifieke onderwerp of op die integrasie van die inhoud<br>• ‘n Kort teks/diagram/data/grafiek/strokiesprent kan as stimulus voorsien word |
| Nota: Inligting wat in die teks voorsien word, moet hedendaags, byderwets, ouderdomsgepas en leerdervriendelik wees. Elke afdeling sal vrae insluit vanuit die laer-, middel- en hoër-orde kognitiewe vlakke. | | |

**NB.** ‘n Memorandum of gepaste riglyn vir elkeen van die bogenoemde take moet gebruik word tydens die nasien van die leerder se eksamen of projek of ander taak om die leerder se prestasie te assesseer. Die aard van die taak en die kennis, vaardighede en waardes wat geassesseer moet word sal die riglyn bied vir die tipe memorandum.

Voorsiening moet gemaak word in die memorandum of riglyn vir addisionele antwoorde asook die leerder se eie interpretasie van die vrae. Voorbeelde van gepaste assesseringsinstrumente om die leerder se prestasie in Lewensoriëntering te bepaal is: memorandum of riglyn, kriteria kontrolelys, rubriek of matriks.

### 4.5.4 Liggaamsopvoedingtaak (LOT)

Liggaamsopvoeding (LO) se doel is om die leerders se fisiese welsyn en die kennis van beweging en veiligheid te ontwikkel. Dit moedig leerders aan om aan ‘n wye verskeidenheid aktiwiteite deel te neem wat met die ontwikkeling van ‘n aktiewe en gesonde leefwyse vereenselwig word. LO het dit ook ten doel om leerders se selfvertroue en algemene vaardighede, veral dié wat met kommunikasie, kreatiwiteit, kritiese denke en estetiese waardering gepaardgaan, te ontwikkel. Dit, saam met die kweek van positiewe waardes en houdings in liggaamlike opvoeding, voorsien ‘n goeie grondslag vir leerders se lewenslange en -wye leer.

Alle Liggaamsopvoedingsperiodes sal op praktiese fisiese- en massadeelname aan bewegingsaktiwiteite vir genot en verrykingsdoeleindes fokus. Die doel is om leerders aan te moedig om hulself te verbind tot en betrokke te raak by gereelde fisiese aktiwiteit as deel van hul leefwyse.

Die LOT word gedurende al vier die skoolkwartale gedoen. Dit fokus uitsluitlik op die Liggaamsopvoedingkomponent waarvan daar drie verskillende bewegingsafdelings is: fiksheid, speletjies en sport; en rekreasie en ontspanning. Daar word van leerders verwag om een keer per week aan die Liggaamsopvoedingsperiode deel te neem wat ‘n vaste periode op die rooster is. Dit staan ook bekend as **Liggaamsopvoeding**. Leerderdeelname en uitvoering van bewegings in die LOT sal dus geassesseer en aan die einde van elke kwartaal sal daarvan verslag gedoen word.

Die fokus van die assessering van die LOT word in twee breë kategorieë verdeel:

1) Deelname: Leerders word blootgestel aan ‘n begrip van die waarde van gereelde deelname aan fisiese aktiwiteit. Deelname behoort verdere ontwikkeling, genot en die bou van selfvertroue aan te moedig.

2) Uitvoering van bewegings: Leerders word geassesseer op die vlak waarin hulle in staat is om te presteer. Uitvoering van bewegings behoort nie ‘n sin vir kompetisie aan te moedig nie.

Die onderwyser sal waarneem of die prestasie van die beweging die gewenste uitkoms het wat op die algehele uitvoering van die beweging fokus eerder as op die gedetailleerde meganismes van elke beweging. Sodra die onderwyser egter vertroue opgebou het en weet hoe om die motoriese vaardigheid af te breek en die bewegingsvolgorde in verskillende dele te kan opbreek, kan addisionele kriteria bygevoeg word om die uitvoering in groter diepte te assesseer.

**Assesseringsinstrument vir LOT**

Die assesseringsinstrument vir leerderprestasie in die twee kriteria van die taak:

| Vlak | Beperk | Toereikend | Bekwaam | Uitstekend |
|---|---|---|---|---|
| **Kriterium 1:**<br>**Gereeldheid van deelname gedurende Liggaams-opvoedingsperiodes (10 punte)** | 0% = 0 punte (geen deelname)<br>1-10% = 1 punt | 11-20% = 2 punte<br>21-30% = 3 punte<br>31-40% = 4 punte | 41-50% = 5 punte<br>51-60% = 6 punte<br>61-70% = 7 punte | 71-80% = 8 punte<br>81-90% = 9 punte<br>91-100% = 10 punte |
| **Kriterium 2:**<br>**Uitkoms van uitvoering van bewegings**<br>**(10 punte)** | Benodig aansienlike aandag: bewegings lei glad nie tot die gewenste uitkoms nie<br>(0-1 punt) | Benodig aandag en verfyning: veral in bewegings wat nie altyd tot die gewenste uitkoms lei nie<br>(2-3 punte) | Doeltreffend, effektief en gepas: bewegings lei meestal tot die gewenste uitkoms<br>(4 punte) | Uitsondelike vaardigheidsvlakke: bewegings lei altyd tot die gewenste uitkoms<br>(5 punte) |

‘n Klaslys sal gebruik word om ‘n punt uit 10 te bepaal vir deelname en ‘n punt uit 10 vir bewegingsuitvoering aan die einde van elke kwartaal, dit wil sê, vier lyste vir graad 10 en 11 en drie vir graad 12. Die aantal LO-periodes per kwartaal sal deur die Departement van Basiese Onderwys se skoolkalender vir die jaar bepaal word.

Voorbeeld van die klaslys vir deelname en uitvoering van beweging:

| | Kwartaal 1 | 1. Gereeldheid van deelname: (10 punte) LO periodes per kwartaal (P1= periode 1) | | | | | | | | 2. Uitvoering van beweging (10 punte) | | | Totaal vir die kwartaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Leerders se name | P1 | P2 | P3 | P4 | P5 | P6 | % | Punte 10 | Eerste waarneming 5 | Tweede waarneming 5 | Totale Punte 10 | 20 |
| 1. | | | | | | | | | | | | | |
| 2. | | | | | | | | | | | | | |
| 3. | | | | | | | | | | | | | |
| 4. | | | | | | | | | | | | | |
| 5. | | | | | | | | | | | | | |

Daar word ‘n punt uit 10 aan die einde van elke kwartaal aan elke leerder toegeken op grond van die gereeldheid waarmee hy/sy aan die Liggaamsopvoedingsperiodes deelgeneem het. Indien die leerder afwesig was vir daardie spesifieke periode, word dit op die klaslys met ‘n ‘a’ aangedui en ‘n ‘x’ dui aan dat die leerder aanwesig was maar nie deelgeneem het nie. ‘n Leerder wat altyd deelneem wanneer hy/sy teenwoordig is, behoort nie gepenaliseer te word wanneer hy/sy afwesig is nie, maar ‘n leerder wat slegs nou en dan deelneem behoort wel gepenaliseer te word tydens afwesigheid.

**Kriterium 1: Gereeldheid van deelname**

‘n Rekord van leerderdeelname sal in die onderwyserslêer gehou word vir elke tipe bewegingsassessering.

**Verdeel** die aantal kere waarin ‘n leerder aan die LO-periodes deelgeneem het per kwartaal en **vermenigvuldig** dit met 100 om die persentasie vas te stel. Daarna word dit verwerk na ‘n punt uit 10 volgens die bogenoemde assesseringsinstrument.

**Kriterium 2: Uitvoering van beweging**

Hoewel daar ‘n rekord gehou word van leerderdeelname per periode, sal leerders nie tydens elke Liggaamsopvoedingsperiode geassesseer word in die uitvoering van beweging nie, maar dit sal twee keer tydens die skoolkwartaal formeel geassesseer word om die vlak van hul uitvoering van bewegings te bepaal.

Ken ‘n punt uit vyf (5) toe vir elk van die twee waarnemings, tel die twee bymekaar om ‘n finale punt uit tien (10) te kry volgens bogenoemde assesseringsinstrument.

**Totaal vir die kwartaal**

Die punte wat per kwartaal toegeken word vir onderskeidelik gereelde deelname en uitvoering van bewegings, word bymekaargetel om ‘n punt uit 20 per leerder te kry. Hierdie punt uit 20 is die LOT-punt wat formeel per kwartaal op ‘n rekorderingstaat aangeteken moet word.

### 4.6 Rekordhouding en rapportering

Rekordhouding is ‘n proses waartydens die onderwyser die vlak van ‘n leerder se prestasie in ‘n spesifieke assesseringstaak dokumenteer. Dit dui aan hoe ‘n leerder vorder in die berekening van die kennis soos voorgeskryf in die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings. Rekords van leerderprestasie behoort bewys te lewer van die leerder se konseptuele groei in ‘n graad en sy/haar gereedheid om na die volgende graad te vorder of te bevorder te word. Rekords van leerderprestasies behoort ook gebruik te word om te verifieer watter vordering onderwysers en leerders in die leerproses en in die onderrig onderskeidelik maak.

Rapportering is ‘n proses waarvolgens leerderprestasie aan leerders, ouers, skole en ander rolspelers gekommunikeer word. Daar kan op verskeie maniere oor leerderprestasie verslag gelewer word. Dit slui in rapporte (verslagkaarte), ouervergaderings, skoolbesoekdae, ouer-onderwyser-konferensies, telefoonoproepe, briewe, klas- of skoolnuusbriewe, ens. Onderwysers sal werklike punte teenoor die taak aandui deur ‘n rekordblad/verslagblad te gebruik en die persentasie vir die vak op die leerder se rapport/verslagkaart aantoon.

Wanneer leerderprestasie in Lewensoriëntering aangeteken word en daaroor verslag gelewer word, is die volgende punte per kwartaal van toepassing:

**Graad 10 en 11**

| Kwartaal | Assesseringstaak | Punte per kwartaal | | Jaar % |
|---|---|---|---|---|
| | | Rekordering | Verslaggewing | |
| 1 | Geskrewe taak | **80** | **100** | **25%** |
| | LOT | **20** | | |
| 2 | Halfjaareksamen | **80** | **100** | **25%** |
| | LOT | **20** | | |
| 3 | Projek | **80** | **100** | **25%** |
| | LOT | **20** | | |
| 4 | Jaareindeksamen | **80** | **100** | **25%** |
| | LOT | **20** | | |
| | Totaal | **400** | **400** | **100%** |

**Graad 12**

| Kwartaal | Assesseringstaak | Punte per kwartaal | | Jaar % |
|---|---|---|---|---|
| | | Rekordering | Verslaggewing | |
| 1 | Geskrewe taak | 80 | 100 | 25% |
| | LOT | 20 | | |
| 2 | Halfjaareksamen | 80 | 200 | 50% |
| | Projek | 80 | | |
| | LOT | 40 | | |
| 3 | Jaareindeksamen | 80 | 100 | 25% |
| | LOT | 20 | | |
| | Totaal | 400 | 400 | 100% |

Die punt uit 20 vir die LOT in kwartaal 2 word met 2 vermenigvuldig, dit wil sê, 20 X 2= 40

Die verskillende prestasievlakke en die ooreenstemmende persentasies verskyn in die volgende tabel.

**Kodes en persentasie s vir rekordhouding en rapportering**

| PRESTASIEKODES | BESKRYWING VAN DIE VAARDIGHEID | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| 7 | Uitmuntende prestasie | 80 - 100 |
| 6 | Verdienstelike prestasie | 70 - 79 |
| 5 | Beduidende prestasie | 60 - 69 |
| 4 | Voldoende prestasie | 50 - 59 |
| 3 | Matige prestasie | 40 - 49 |
| 2 | Basiese prestasie | 30 - 39 |
| 1 | Ontoereikende prestasie | 0 - 29 |

## 4.7 Moderering van assessering

Moderering verwys na die proses wat verseker dat die assesseringstake regverdig, geldig en betroubaar is. Deeglike en gepaste modereringspraktyke moet ingestel word vir die gehalteversekering van alle vakke.

**Moderering van formele assesseringstake in Lewensoriëntering**

Moderering is ‘n integrale deel van die gehalteversekeringsproses. Daarom is die moderering van die leerder se prestasie in die vyf formele assesseringstake wat in graad 12 onderneem word, van uiterste belang om seker te maak dat die punte wat voortvloei uit die 100% interne assessering vir Lewensoriëntering vir die Nasionale Senior Sertifikaat religiewaardig, betroubaar en geldig is.

**Vlakke van moderering**

Die volgende **vier** vlakke van moderering is op Lewensoriëntering van toepassing: skool, distrik/streek, provinsiaal en nasionaal. Hierdie afdeling voorsien ‘n oorsig van die gereeldheid en die steekproef wat gemodereer moet word.

### 4.7.1 Skoolmoderering

Van toepassing op graad 10, 11 en 12

Moderator: Departementshoof, vakhoof of ‘n onderwyser wat deur die hoof aangestel is vir hierdie doel.

Gereeldheid: twee maal per kwartaal:

1) Voordat formele take aan die leerders gegee word.

2) Nadat die formele take wat vir die betrokke kwartaal opgestel is, nagesien is.

Steekproef:

1) Onderwyserlêers: alle Graad 10, 11 en 12 Lewensoriënteringonderwysers by die skool.

2) Bewys van leerderprestasie: ‘n minimum van 12 leerders wat per graad 10, 11 en 12 gekies is (vier swak, vier gemiddelde en vier sterk leerders per klas per graad).

3) Die steekproef per kwartaal moet verander of geroteer word sodat dieselfde leerder se werk nie meer as een maal per jaar gemodereer word nie.

**NB.** Hierdie vlak van moderering sluit die Liggaamsopvoedingstaak-aktiwiteite (LOT) in. Die Departementshoof, vakhoof of 'n onderwyser wat deur die hoof vir hierdie doel aangestel is, sal die LOT gedurende Liggaamsopvoedingsperiodes op 'n steekproef-basis modereer deur die leerders waar te neem terwyl hulle die assesseringstaak uitvoer. Dit beteken dat die moderering van die LOT regdeur die jaar sal geskied. 'n Kontrolelys, wat 'n aanduiding sal gee van die vereiste bewegings wat uitgevoer moet word as bewys dat dit wel plaasgevind het tydens Lewensoriëntering, moet deur die Departementhoof, vakhoof of aangestelde onderwyser onderteken word en dit moet in die Lewensoriënteringonderwyser se lêer geplaas word as bewys van moderering van LOT by 'n skool.

#### 4.7.2 Distriks-/streeksmoderering

Gepas vir graad 10, 11 en 12

Moderator: Die distrik/streek se vakadviseur vir Lewensoriëntering

Gereeldheid:

1) Vir graad 10 en 11: een keer per semester (verkieslik aan die begin van die tweede en vierde skoolkwartale).

2) Vir graad 12: deurlopend vanaf kwartaal een tot drie. Waar die aantal skole in die distrik/streek hoog is, sal vakadviseurs die skole volgens 'n steekproef modereer en die skole volgens behoefte en prestasie prioritiseer.

Steekproef:

1) Onderwyserlêers: modereer een Lewensoriënteringonderwyserslêer per graad per skool.

2) Bewys van leerderprestasie: modereer ses leerders per graad per skool (twee swak, twee gemiddelde en twee sterk leerders per klas per graad).

3) Die helfte van die leerderprestasie wat vir die steekproef gebruik is, moet reeds op skoolvlak gemodereer wees.

**NB.** Hierdie vlak van moderering sluit die Liggaamsopvoedingstaak-aktiwiteite (LOT) in. Die vakadviseur sal skole selekteer en in kennis stel van die moderering gedurende skoolbesoeke waar die leerders waargeneem sal word tydens die uitvoering van die werlike assesseringstaak. Dit beteken dat die moderering regdeur die jaar sal plaasvind. 'n Kontrolelys, wat 'n aanduiding sal gee van die vereiste bewegings wat uitgevoer moet word as bewys dat dit wel plaasgevind het tydens Lewensoriëntering, moet deur die vakadviseur onderteken word en dit moet in die Lewensoriëntering-onderwyserslêer geplaas word as bewys van moderering van die LOT by 'n skool.

#### 4.7.3 Provinsiale moderering

Slegs van toepassing op graad 12

Moderator: provinsiale modereringspan wat deur die provinsiale onderwysdepartement aangestel is en wat uit Lewensoriëntering-vakadviseurs en -onderwysers bestaan.

Gereeldheid: een keer per jaar gedurende die September skoolvakansie.

Modereringsproses:

1) Moderering op hierdie vlak moet dieselfde status geniet as die eksterne eksamennasienproses.

2) Alle skole moet gemodereer word.

3) Steekproef:

   a. Onderwyserlêers: een Lewensoriënteringonderwyser per skool

   b. Bewys van leerderprestasie: twaalf leerders per skool (verskeidenheid swak, gemiddelde en sterk leerders per skool). Moderatore sal bewyse gelykstaande aan 3 - 5 verskillende leerders se werk selekteer om te modereer.

   c. Die helfte van die leerderprestasie wat vir die steekproef gebruik is, moet reeds op skoolvlak en deur die distrik/streek gemodereer wees.

4) Teenstrydighede met betrekking tot onvolledige bewys, toekenning en rekordhouding van punte sal aan skole teruggestuur word vir korreksie gedurende die vierde kwartaal en moet weer by die provinsiale kantoor ingedien word teen ‘n datum wat deur die provinsie bepaal sal word op grond van die aard van die teenstrydigheid.

5) Onvolledige bewys moet hanteer word soos gestipuleer in die beleid: *Regulations pertaining to the Conduct, Administration and Management of Assessment for the National Senior Certificate, August 2008*.

**4.7.4 Nasionale moderering**

Slegs van toepassing op graad 12

Moderator: nasionale modereringspan wat deur die Departement van Basiese Onderwys aangestel is.

Gereeldheid: een keer per jaar, gedurende die vierdie skoolkwartaal.

Steekproef:

1) Onderwyserlêers: een graad 12 onderwyserslêer van 5% van die skole per provinsie (minimum van 30 en maksimum van 50) ; alle distrikte moet by die steekproef ingesluit word.

2) Bewys van leerderprestasie: drie graad 12-leerders van elk van die bogenoemde skole (een swak, een gemiddeld en een sterk leerder per graad 12 uit elk van die skole)

3) Die helfte van die steekproef van bewys van die leerder se werk moet reeds deur die skool, distrik/streek en provinsiale vlakke gemodereer wees.

4) Die steekproef van skole wat deur die loop van die jaar ingedien is moet geroteer word sodat dieselfde skole nie elke jaar gemodereer word nie (skole word geselekteer vanuit plaasskole, plattelandse-, stedelike-, peri-stedelike gebiede).

### 4.8 Algemeen

Hierdie dokument moet in samehang met die volgende saamgelees word:

**4.8.1** Die *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes vir die Nasionale Kurrikulumbeleid Graad R-12; en*

**4.8.2** Die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*